


# **TEKS BOEK VIR APOSTOLIESE CHRISTENE**



## **DIE APOSTOLIESE KERK (APOSTEL EENHEID)**

## **INHOUDSOPGAWE**

**BL.**

### **DEEL EEN:**

GOD, SY SKEPPING EN SY OPENBARING IN DIE OU TESTAMENT	1
--	---

### **DEEL TWEE:**

JESUS CHRISTUS EN SY SENDING	19
2.1 Die lewe van Jesus tot die tyd van Sy openbare verskyning	
2.2 Die leer van Jesus	
2.3 Die Lyding van Christus en Sy dood	
2.4 Die Heengaan van Jesus in die doderyk	
2.5 Die Opstanding van Jesus en Sy invloed op aarde tot die dag van Hemelvaart	

### **DEEL DRIE:**

DIE HEILIGE GEES, DIE APOSTOLIESE SENDING, TOERUSTING EN WERK-SAAMHEDE	38
---	----

### **DEEL VIER:**

DIE ONTWIKKELING VAN GEMEENTES TOT VANDAG	46
--	----

<u>DEEL VYF:</u> DIE APOSTOLIESE KERK (Apostel Eenheid) SOOS DIT VANDAG IS	52
5.1 Raad van Administrateurs	
5.2 Die Sakramente	
a) Die Heilige Doop	
b) Die Heilige Nagmaal	
c) Die Heilige Verseëling	
Gebed en Seëning	74
 <u>DEEL SES:</u> OORSIG VAN DIE VROEËRE APOSTOLIESE KERK, DIE DWALING EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE KERK TOT EN MET 1991	75
 <u>DEEL SEWE:</u> KONFIRMASIE GELOFSBELYDENIS: SEWE ARTIKELS VAN GELOOF	81
 <u>DEEL AGT:</u> DIE APOSTLIESE CHRISTENE	85
 <u>DEEL NEGE:</u> DIE BYBEL OF DIE HEILIGE SKRIF Wiskunde in die Bybel	89 90
 <u>ADDENDUM 1:</u> ONS MIDDELAAR	95
 <u>ADDENDUM II:</u> DIE APOSTOLIEKIND EN SY OUERS	108

## **DEEL EEN**

### **1. GOD, SY SKEPPING EN SY OPENBARING IN DIE OU TESTAMENT**

#### **1.1 Wat is God?**

God is 'n ewige volmaakte, Geestelike drie-enige wese; God is die Skepper van alle sigbare en onsigbare dinge.

#### **1.2 Watter besondere eienskappe van God kan ons waarneem?**

God is liefde; Hy is almagtig, alwetend, liefdevol, opreg, trou, heilig en genadig.

#### **1.3 Hoe word God gesien?**

God word gesien in Sy werke en openbaringe as God, Vader, Seun en Heilige Gees.

#### **1.4 Wat het God in die begin gedoen?**

In die begin het God die Hemel en Aarde geskape. Genesis 1.

#### **1.5 Waaruit bestaan die sigbare skepping?**

Die son, sonnestelsel, die aarde en plante en alle lewende wesens.

### **1.6 Hoe word die onsigbare erken?**

Die onsigbare is alles wat ons nie met ons natuurlike sintuie kan waarneem nie.

### **1.7 Waarop is ons Geloof in God gebaseer?**

Op die teenwoordigheid van Sy skepping, die geboorte, lewe, kruisiging en opstanding van Jesus Christus asook op ons eie geestelike ervaring en ondervinding van die verlossingskrag van Jesus Christus.

### **1.8 Watter gewaarwording vind by ons plaas as ons God se skepping gade slaan?**

Sy Almag, en Sy wonderbaarlike wysheid soos gesien in Sy skepping.

### **1.9. Wat is die kosbaarste skepping van God?**

Die Engele en die mens. Lees Psalm 8:5-7, Hebreërs 1:6-9.

### **1.10 Wat is Engele?**

Engele is geestelike gesante, geskape vir diens aan God endie mens. Lees Hebreërs 1:13-14.

### **1.11 Is Engele sigbaar?**

In sekere gevalle. Hulle besit die gawe om hulself sigbaar te maak aan die mens. As 'n reël is hulle egter onsigbaar.

### **1.12 Wat is die mens?**

“U het hom weinig minder gemaak as ’n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon.”

### **1.13 Hoe was die eerste mens geskape?**

En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens ’n lewende siel geword. Genenis 2:7

### **1.14 Waarom het God die mens geskape?**

En God het gesê: “Laat ons die mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see; en die voëls van die hemel; en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.”

Genesis 1:26

### **1.15 Wat was die mens se eerste opdrag?**

Hy moes aan alle lewende wesens op aarde ’n naam gee.

Genesis 2:19-20

### **1.16 Wat was die name van die eerste wesens wat geskape is na die beeld van God? Waar het hulle gewoon?**

Die eerste mense wat geskape was na die beeld van God was Adam en Eva. Hulle het in die Paradys gewoon.

### **1.17 Het die eerste wesens in die Paradys bly woon?**

Nee; hulle het die gebod van God oortree en hulle is uit die Paradys verdryf.

### **1.18 Wat was God se eerste gebod?**

En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy eet, maar van die boom van kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." Genesis 2:16-17

### **1.19 Wie het die mens verlei tot ongehoorsaamheid?**

Satan. Lees Genesis 3

### **1.20 Wat is die duiwel?**

Openbaring 12:9 – "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word die duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp." Lees ook Johannes 8:44. Onthou dat hy self ook eens 'n engel was.

### **1.21 Wanneer het die dood by die mens plaasgevind?**

Die dood het plaasgevind onmiddellik na die ongehoorsaamheid van die mens. Dit is bewys deur vrees en angs en die vleeslike dood het later gevolg.

### **1.22 Het die eerste menslike afstammeling die gevolge**

## **van hierdie ongehoorsaamheid ervaar?**

Ja: "Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het, en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het."

Romeine 5:12

### **1.23 Wat het God gedoen om die mens van 'n geestelike dood te red?**

Hy het 'n belofte gemaak dat 'n Verlosser sal kom.

### **1.24 Het Adam en Eva kinders gehad?**

Ja. Behalwe die bekende Kain, Abel en Set waarvan die Bybel vertel, het hulle nog baie seuns en dogters gehad. Genesis 5:4

### **1.25 Wat weet ons van Kain en Abel?**

Hulle het offerande aan God gebring. Kain het landbou-produkte gebring en Abel het die eersgeborenes van sy vee gebring.

### **1.26 Hoe het God die offerande van die twee broers ontvang?**

God was tevrede met die offerande van Abel; maar vir die offerande van Kain het Hy geen respek gehad nie. Genesis 4:4-5. Dit leer ons om net die beste aan God te offer, beide geestelik en natuurlik.



**1.27 Wat het Kain gedoen toe hy sien dat God nie sy offerande aanvaar nie?**

Hy het kwaad geword en teen sy broer opgestaan en hom doodgemaak. Genesis 4:5-8

**1.28 Wat weet ons van die afstammeling van Adam en Eva?**

Hulle het baie afstammeling gehad, maar hulle het al hoe meer in die sonde en kwaad verval en slegs 'n paar het 'n Godvresende lewe gely.

**1.29 Was daar mense wat in daardie tyd 'n Godvresende lewe gely het?**

Ja. Daar was onder andere Henog en Noag.

**1.30 Wat weet ons van Henog?**

“Henog het met God gewandel; en hy was nie meer nie, want God het hom weggeneem.” Genesis 5:24 Henog se Godvresenheid word vir ons uitgewys in Genesis 5:22 waar ons leer dat hy vir driehonderd jaar met God gewandel het.

**1.31 Wat weet ons van Noag?**

Hy het genade gevind in die oë van God, en God het hom beveel om 'n ark te bou. Dit het hom met sy hele familie en 'n menigte diere gered van die vloed.

### **1.32 Waarom het God die Groot Vloed gestuur?**

“Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was, en al die versinsels wat hy bedink in sy hart altyddeur net sleg was, het dit die Here berou dat Hy mens op die aarde gemaak het en daar was smart in Sy hart.” Genesis 6:5-6 God het berou gehad dat Hy die mens geskape het, en het besluit om hulle te verdelg. Genesis 6:11-13.

### **1.33 Wat leer ons uit die lewens van Henog en Noag?**

Dat ons die seën op 'n goeie lewe kan verwag en dat 'n sondige lewe na die verderf lei.

### **1.34 Watter betekenis het die Ark van Noag vir ons tye?**

Dit simboliseer die werk van Christus as Verlosser in die Nuwe Testament.

### **1.35 Wat was die name van Noag se drie seuns?**

Sem, Gam en Jafet.

### **1.36 Watter afstammeling van Noag beskryf die Bybel as 'n besondere Godvresende en geseënde man?**

Abraham, die negende na Sem.

### **1.37 Wat leer ons uit die Bybel aangaande Abraham se**

## **toewyding?**

Hy het God geglo en was gehoorsaam; op bevel van God het hy die huis van sy vader verlaat; sowel as sy vriende en geboorteland. Hy het oral sy geloof in God erken. In gehoorsaamheid en offerande.

### **1.38 Hoe was Abraham vergeld vir sy toewyding?**

God het hom met rykdomme geseën en hom beloon met beloftes en openbaringe. God het hom nou Abraham genoem wat beteken "vader van baie mense".

### **1.39 Op watter besondere manier het Abraham sy geloof bewys?**

Deur sy gewilligheid om sy seun Isak aan God te offer.

### **1.40 Watter goeie hoedanighede van Abraham is bekend?**

Sy <b>vredeliewendheid</b>	– Genesis 13:8
Sy <b>onselfsugtigheid</b>	– Genesis 13:9
Sy <b>gawe om te offer</b>	– Genesis 14:18—20
Sy <b>medelye</b>	– Genesis 18:16-33

### **1.41 Na Abraham se dood, wie was die persoon wat gedeel het in die natuurlike en Goddelike seëninge?**

Sy seun Isak, wie net soos sy vader, 'n heilige lewe gely het. Genesis 26:2-5.

### **1.42 Hoeveel seuns het Isak gehad?**

Twee - Esau en Jakob.

### **1.43 Wie is as eersgeborene geseën”**

Esau was die eersgeborene, maar het sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop. Genesis 25:29-34. Jakob het daarna die seën as eersgeborene ontvang.

### **1.44 Hoeveel seuns het Jakob gehad, en wat was hulle name?**

Twaalf: Ruben, Simeon, Levi, Juda, Dan, Naftali, Gad, Aser, Issaskar, Sebulon, Josef, Benjamin.

### **1.45 Wat weet ons van die seuns van Jakob?**

Hulle het hulle broer Josef aan Mideanietiese handelaars verkoop, want hulle was jaloers omdat hulle vader so lief was vir hom, asook omdat hy sulke snaakse drome gedroom het.

### **1.46 Wat het later van Josef geword?**

Die handelaars het hom in Egipte verkoop. Hy het na die paleis van Farao gegaan waar hy aan baie versoekinge blootgestel was.

### **1.47 Het Josef hierdie versoekinge weerstaan?**

Ja. Op grond van sy heilige uitkyk het hy die volgende woorde geuiter: “Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God.” Genesis 39:7-9.

### **1.48 Hoe was Josef se Godvresenheid beloon?**

Koning Farao het twee drome gehad wat Josef vir hom reg uitgelê het, met die gevolg dat Josef uit die tronk vrygelaat is. Hy is toe heerser oor die hele Egipteland gemaak. Genesis 40 en 41.

#### **1.49 Hoe is Josef en sy vader en broers weer verenig?**

Daar het hongersnood uitbreek in Kanaän. Josef se broers het gaan koring koop in Egipte. By hierdie geleentheid het sy broers hom herken en hy het sy vader en broers na Egipte toe laat kom. Genesis 42 tot 45.

#### **1.50 Wat het van die afstammeling van Jakob en Josef in Egipte geword?**

Hulle het gegroei tot 'n groot nasie; maar onder die latere heerskappy van die konings van Egipte, het hulle as slawe baie swaar gekry. Exodus 1.

#### **1.51 Hoe het God Sy mense uit hierdie verduking uitgelei?**

God het Moses gestuur as leier. Hy het die mense onder groot tekens en wonders van God deur die woestyn gelei na Kanaän.

#### **1.52 Van wie was Moses 'n afstammeling?**

Moses was 'n Israeliet uit die huis van Levi. Exodus 2, 3, 4.

### **1.53 Waarom was die afstammeling van Jakob "Israeliete" genoem?**

Hierdie naam was deur God aan Jakob gegee die nag toe Jakob met Hom geworstel het. Nadat God vir Jakob geseën het, het Hy vir Jakob gesê dat sy afstammeling Israel genoem sal word.

### **1.54 Wat beteken die naam "Israel"?**

"Israel" beteken om krag te hê in God en mense. Genesis 32:28.

### **1.55 Was die Israeliete altyd gehoorsaam aan hulle leier?**

Nee. Hulle het dikwels teen God en Moses gemurmureer. Exodus 15:24, Exodus 17:3.

### **1.56 Watter groot gebeurtenis het plaasgevind gedurende Israel se tog deur die woestyn?**

Op die berg Sinai het God deur Moses die Tien Gebooië aan Sy mense gegee. Exodus 20.

### **1.57 Noem die Tien Gebooië**

1. Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie.
2. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die Hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou

3. (1.57 vervolg) nie voor hulle neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die Vaders besoek, aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van dié wat My liefhet en My gebooi onderhou.
4. Jy mag die naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat Sy naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
5. Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie, jy of jou seun of jou dogter of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.
6. Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.
7. Jy mag nie doodslaan nie.
8. Jy mag nie egbreek nie.
9. Jy mag nie steel nie.
10. Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.
11. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.
- 12.

**1.58 Is die Tien Gebooie ook vir ons en tot alle tye van krag?**

Ja. Jesus het gesê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." Matthéüs 5:17. Maar as verseëldede lede van die liggaam van Christus leef ons nie onder die straf van die wet nie, maar onder Sy twee gebooie. Matthéüs 22:37-39. "Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."

**1.59 Wat word die Tien Gebooie nog genoem?**

Die Wet van Moses. Lees II Korinthiërs 3.

**1.60 Wie was die opvolger van Moses?**

Josua. Hy het die mense van Israel onder groot beproewinge in die Heilige Land ingelei.

**1.61 Wie het die mense van Israel regeer na die dood van Josua?**

Rigters, Konings en Profete.

**1.62 Wie was die bekendste Rigters?**

Gideon, Simson, Eli en Samuel.

**1.63 Wie is die belangrikste konings waarvan daar spesifiek melding gemaak word in die Bybel?**

Saul, Dawid en sy seun Salomo.

**1.64 Wat weet ons van koning Saul?**



Hy was ook 'n groot man in die oë van God, maar deurdat hy die woord van God verag het, was hy die koningskap ontnem. I Samuel 15:22-23.

**1.65 Vir watter gebeurtenis is koning Dawid veral bekend?**

As jong skaapwagter het hy die reus Goliat verslaan. I Samuel 17. Hy was ook 'n meester harpspeler en digter; hy het die meerderheid Psalms geskryf.

**1.66 Wat leer die Bybel ons van koning Salomo?**

Hy het groot wysheid besit. Hy was die bouer van die tempel in Jerusalem.

**1.67 Wie was die vernaamste profete van die Ou Verbond?**

Samuel, Natan, Elia, Elisa, Jesaja, Jeremia, Eségiël, Daniël, Hoséa, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Hábakuk, Sefánja, Haggai, Sagaria, Maleági.

**1.68 Watter spesiale belangrike belofte het God deur die profete gemaak?**

Die belofte van die Verlosser en Messias wat gebore sou word.

### **1.69 Wie was die laaste profeet van die Ou Testament?**

Die profeet **Maleági**. Hy het ongeveer 400 jaar voor die geboorte van Christus geleef en het die koms van Jesus en Johannes die Doper voorspel. Maleági 3:1.

### **1.70 Wie was die laaste profeet van die Nuwe Testament?**

**Johannes die Doper** was inderdaad die laaste Bybelse profeet, alhoewel hy in die Nuwe Testamentiese tyd sy werksaamhede as profeet verrig het. Lukas 16:16; Matthéüs 21:26; Markus 11:32.

=====

## **DEEL TWEE**

### **2. JESUS CHRISTUS EN SY SENDING**

#### **2.1 DIE LEWE VAN JESUS TOT DIE TYD VAN SY OPENBARE VERSKYNING:**

##### **2.1.1 Wie het van Jesus gesprek voor Sy openbare verskyning?**

Johannes die Doper, die voorloper van Jesus, wie gesprek het dat die mense hulle moet bekeer.

##### **2.1.2 Waar was van Johannes geprofeteer?**

In **Maleági 3:1** word gesê: "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan." Sien Lukas 1:1-25.

##### **2.1.3 Waaruit het die leer en dade van Johannes die Doper bestaan?**

In die woestyn van Judea het Johannes die Doper gesprek en gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom." Matthéüs 3:1-2. Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Johannes 1:29. Doop met water tot vergifnis van sonde. Lukas 3:16

##### **2.1.4 Wat was die houding van die mense teenoor Johannes die Doper?**

Die mense het in hom 'n profeet gesien en baie het hulle laat doop. Lukas 3:1-18.

### **2.1.5 Hoe het die Fariseërs en skrifgeleerdes teenoor Johannes die Doper opgetree?**

Slegs 'n paar het hom geglo. Na 'n tyd is Johannes gevange geneem en in die gevangenis onthoof. Matthéüs 14:1-12; Markus 6:14-29.

### **2.1.6 Wie is Jesus Christus?**

Jesus is die Seun van die lewende God. Jesus is God en mens in een. Hy is ons Koning, die Koning van Konings. Hy is ons Saligmaker. Johannes 1:14-18; I Johannes 4:9; Johannes 1:1-3 en 14, Romeine 5:15; Romeine 8:3 en 29, I Korinthiërs 3:23, Kolossense 1:15-18; I Timótheüs 3:16.

### **2.1.7 Wie het bevestig dat Jesus die Seun van God is?**

1. **Sy Hemelse Vader** – toe Jesus gedoop is. Matthéüs 3:17 en Matthéüs 17:5.
2. **Jesus self** – Matthéüs 26:63-64, Markus 14:62, Lukas 22:70, Johannes 4:25-26, 5:17-21, 6:35-38, 7:28, 8:12-59, 9:35-37, 10:12-38, 11:25-27.
3. **Johannes die Doper.** Johannes 1:29-36, 3:26-36.
4. **Die Apostels en dissipels van Jesus.** Matthéüs 14:33, 16:16, Johannes 1:50, 4:39-42, 6:69, 11:27, 20:28, 20:31, Romeine 1:1-7, Handeling 9:20.

5. **Die hoofman oor honderd** en die wat saam met hom Jesus bewaak het. Matthéüs 27:54; Markus 15:39.
6. **Die bose geeste wat Hy uitgedryf en bestraf het.** Matthéüs 8:29; Markus 3:11, 5:7; Lukas 4:41, 8:28.
7. **Die engel wat aan Maria verskyn het.** Lukas 1:35.
8. **Natánael.** Johannes 1:49.
9. **Martha,** die suster van Lasarus. Johannes 11:27.

### **2.1.8 Hoe het Jesus, die Seun van God in menslike gestalte verskyn?**

Hy was **gebore uit die maagd Maria** in Betlehem. Lukas 2:1-20. Matthéüs 1:25, 13:55, 3:1; Lukas 2:11; Galasiërs 4:4.

### **2.1.9 Watter vers uit die Ou Testament dui die geboorteplek van Jesus aan?**

**Miga 5:1:** "En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees."

### **2.1.10 Wie het eerste die tyding van die geboorte van Jesus gehoor?**

Die skaapwagters in die veld. Lukas 2:8-14. Wyse manne uit die Ooste is deur 'n ster na Betlehem gelei. Matthéüs 2:1-12. Herodus het die tyding van die skaapwagters en wyse manne gekry.

### **2.1.11 Wat was die houding van Herodus teenoor die geboorte van Jesus?**

Herodus het bang geword; in sy bygelowigheid het hy gevrees dat sy troon sal val en hy wou die kind Jesus uit die weg ruim. Hy het beveel dat al die seuntjies in Betlehem onder die ouderdom van 2 jaar doodgemaak moet word. Matthéüs 2:16.

### **2.1.12 Wat het gebeur dat Jesus nie doodgemaak is nie?**

’n Engel van God het in ’n droom aan Josef verskyn en gesê: “Staan op, neem die Kindjie en Sy moeder en vlug na Egipte.” Matthéüs 2:13-14.

### **2.1.13 Hoe lank het Josef en Maria in Egipte vertoef?**

Tot die dood van Herodus. Toe is hulle na Nasáret in Galiléa. Matthéüs 2:19-23.

### **2.1.14 Wat weet ons van die jeugjare van Jesus?**

Hy was lief om die Tempel te besoek. Lukas 2:41-49. Hy was reeds van kindsbeen besig in Sy Vader se werk, alhoewel daar nie veel van Sy kinderjare in die Bybel beskryf word nie. Hy was baie lief vir en gehoorsaam aan Sy ouers. Lukas 2:51. “Hy het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mens.” Lukas 2:40 en 52.

### **2.1.15 Wat het Jesus se predikings voorafgegaan?**

- i) Jesus was gedoop deur Johannes die Doper. Tydens hierdie plegtigheid het God Sy liefde en welbehae in Jesus bevestig met die woorde "U is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." Markus 1:11.
- ii) By Sy doop het die Heilige Gees in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Jesus neergedaal, en het God Hom totaal met Jesus vereenselwig toe Hy aan die mense gesê het: "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." Matthéüs 3:17; Lukas 9:35.
- iii) Die voorgenoemde was Jesus se bekwaammaking en aanwysing tot die openbare vervulling van die Middelaarstaak.
- iv) Op die doop het die versoeking in die woestyn gevolg wat moes toon wat die doop beteken het. Adam het in gunstige omstandighede voor die versoeking geswig. Jesus het na Sy doop met water en Gees in die allermoeilikste omstandighede bly staan.

### **2.1.16 Was die doop van Jesus noodsaaklik?**

Jesus het self hierdie vraag beantwoord deur aan Johannes die Doper te sê: "Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat." Matthéüs 3:15

### **2.1.17 Wat het gebeur tydens die doop van Jesus?**

Die hemele het vir Hom oopgegaan en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal op Hom. Matthéüs 3:16-17; Markus 1:9-11; Lukas 3:21-22; Johannes 1:32.

### **2.1.18 Het Jesus die geestelike doop, d.w.s. die verseëling ondergaan?**

In Matthéüs 12:18 word deur die mond van die profeet Jesaja gesê: "Kyk, my Kneg wat ek uitverkies het, my Geliefde in wie My siel 'n welbehae het! Ek sal My Gees op Hom lê, en Hy sal aan die nasies die reg aankondig."

Tydens die verheerliking van Jesus op die berg, bevestig God dit wanneer Hy uit die wolk sê: "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!" Matthéüs 17:5; Markus 9:7; Lukas 4:17-21.

Johannes die Doper getuig dat God vir hom gesê het: "Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop. En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is." Johannes 1:32-34.

Jesus sê dan self in Johannes 3:5 "Voorwaar, Voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie."

Jesus moes dus die geestelike doop ondergaan, en is deur God die Vader self verseël. Johannes 6:27.



### **2.1.19 Waarheen het Jesus gegaan nadat Hy gedoop was?**

Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in; om versoek te word deur die duiwel. Matthéüs 4:1-11.

### **2.1.20 Het Jesus geval voor die versoeking van die duiwel?**

Nee. Toe sê Jesus vir hom: "Gaan weg, Satan!, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." Matthéüs 4:10-11.

## **2.2 DIE LEER VAN JESUS:**

### **2.2.1 Wanneer het Jesus met Sy openbare prediking begin?**

En toe Jesus hoor dat Johannes in die gevangenis gesit was, het Hy na Galilea teruggegaan. Van toe af het Hy begin preek en gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die Hemele het naby gekom." Matthéüs 4:12-17.

### **2.2.2 Wat was die eerste evangeliese taak wat Jesus verrig het in Sy sending op aarde?**

Hy het Sy Apostels geroep en hulle begin leer. Matthéüs 4:18-22, 10.

### **2.2.3 Wat was die name van die twaalf Apostels?**

Simon, genoem Petrus; Andréas sy broer; Jakobus die seun van Sebedéüs; Johannes sy (2.2.3 vervolg)

broer; Filippus; Bartholoméüs; Thomas; Matthéüs die tollenaar;  
Jakobus die seun van Alféüs; Lebbéüs wat Thaddéüs genoem word; Simon Kananites; Judas Iskariot.  
Matthéüs 10:2-4.

#### **2.2.4 Watter is die grootste en bekendste predikasje van Jesus?**

Die bergpredikasje. Matthéüs 5, 6 en 7.

#### **2.2.5 Wat was die uitwerking van hierdie predikasje?**

Die skare was verslae oor Sy leer. Matthéüs 7:28-29.

#### **2.2.6 Wat het Jesus eintlik bedoel met Sy leer?**

Die verkondiging van Sy Christendom as 'n blye boodskap waarin die genade en liefde van God vir die mens saamgevat is. Ook die openbaring van die koninkryk van God, die plan van God vir verlossing, die uitwys van valse leerstellinge en die afvalligheid van die aanbidding van God, die erkenning dat Hy die Seun van God en die beloofde Verlosser is. Jesus stel die skare voor Sy ontsaglike eise sodat hulle die toevlug tot Hom kan neem.

#### **2.2.7 Watter eienskappe het Jesus in Sy werke getoon?**

Al die beste eienskappe. Hy het baie wondere verrig. Hy het die liefde van God aan die mens

(2.2.7 vervolg) bewys. Matthéüs 4:23-24, 8 en 9; Johannes 11:40-41.

### **2.2.8 Hoe het Jesus reggekry om al die wonderwerke te verrig?**

Hy was in volslae eenheid met God. "Alle mag word aan My gegee in die Hemel en op die aarde."  
Matthéüs 28:18; Johannes 11:40-42.

### **2.2.9 Wat was die gevolg van die openbare optrede van Jesus?**

Die gevolg was 'n groeiende ondersteuning onder die mense. Hy was aanvaar as die boodskapper van God, as groot leermeester en weldoener. Sy Apostels en volgelingen het Hom erken as die beloofde Messias en die Seun van God.

### **2.2.10 Wat was die houding van die Fariseërs en die skrifgeleerdes teenoor Jesus?**

Hulle het Hom 'n spotter en opstoker van die mense genoem, hulle was afgunstig op Sy werke en het Hom gehaat as gevolg van Sy leer. Daarom het hulle Sy lewe bedreig.

### **2.2.11 Wat was die dieper betekenis agter die wonderwerke van Jesus?**

Die tekens en wonders was bedoel om Sy mag bekend te maak aan die mense en hulle tot geloof te beweeg. Johannes 4:48.

(2.2.11 vervolg) Die wonders van genesing was afbeelding van Jesus se geestelike werk, en moes die mense help om hierdie geestelike werk beter te verstaan. Matthéüs 8:17.

Die uitwerping van duiwels het van Jesus se oorwinning oor die Satan getuig. Matthéüs 8:29; Markus 3:11, 5:7; Lukas 4:41, 8:28. (Soos uit die aanhalings blyk het die bose geeste en duiwels Jesus herken as die Seun van God.)

## **2.3 DIE LYDING VAN CHRISTUS EN SY DOOD:**

### **2.3.1 Hoe het die lyding van Christus begin?**

Toe Hy verraai was op die Olyfberg. Lukas 22:39-46.

### **2.3.2 Wat was die optrede van die Apostels tydens die lyding van Jesus?**

Judas Iskariot het Jesus verraai vir 30 silwerstukke. Lukas 22:3-5; Johannes 13:27. Al die Apostels het Hom verlaat en gevlug. Matthéüs 26:56. Petrus ontken dat hy Jesus ken en onthou met bittere spyt die woorde van Jesus: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag, in hierdie nag, voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën." Matthéüs 26:69-75; Markus 14:29-31. En Simon sê: "Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan." Lukas 22:33; Matthéüs 26:74.

### **2.3.3 Wat het met Jesus gebeur nadat Hy gevange geneem is?**

Hy was gelei na die huis van die Hoë Priester Kájafas, waar al die lede van die Hoë Raad, (2.3.3. vervolg) skrifgeleerdes en Oudstes bymekaar was. Omdat Hy bely het dat Hy die Seun van God is, is Hy tot die dood veroordeel. Hierna is Jesus vasgebind en voor Pilatus, die Romeinse Goewerneur gebring.

### **2.3.4 Wat was die optrede van die Goewerneur ten opsigte van die aanklag?**

Hy het Jesus deeglik verhoor; hy het Jesus onskuldig bevind, maar ten spyte hiervan het die owerstes van die Jode hom gedwing om Jesus te kruisig. Pilatus was bang vir die mense en omdat hy in die guns van die Jode wou wees, het hy die doodvonnis uitgespreek.

### **2.3.5 Wat moes Jesus deurmaak voor die kruisiging?**

Hy was geslaan, gegèsel, bespot en 'n doringkroon was op Sy hoof geplaas.

### **2.3.6 Hoe het Jesus die vernederinge gedra?**

Al die vernederings, beskuldigings en slegte behandeling het oor Hom gegaan; Hy het Hom selde verdedig en dan slegs alleen met heilige waardigheid en groot wysheid.

### **2.3.7 Wat was die klimaks van die lyding van Jesus?**

Sy kruisiging op Golgota.

### **2.3.8 Wat is die diepere waarde van die lyding en dood van Jesus?**

Die vervulling van God se genade om die mens te verlos van sy sonde. **Deur Sy lewe** op die altaar te lê, het Hy die mens vir ewig verlos. Hy het die hel oorwin en die krag van die dood verwyder. Sodoende het Hy 'n brug gebou tot versoening tussen die mens en God. Romeine 5:12-18.

## **2.4 DIE HEENGAAN VAN JESUS IN DIE DODERYK:**

### **2.4.1 Wat het van die liggaam van Jesus geword?**

Die dissipel, Josef van Arimathéa, het na Pilatus gegaan en hom gevra vir die liggaam van Jesus; hy het dit toegedraai in linnedoeke en dit in sy eie nuwe graf gelê. Matthéüs 27:57-60; Johannes 19:38-42.

### **2.4.2 Na die vleeslike dood van Jesus aan die kruis, wat het Hy toe gedoen?**

Hy het in die gevangenis (doderyk) vir die siele daar gaan preek. I Petrus 3:19. Hy het die smarte van die dood ontbind. Handeling 2:42.

### **2.4.3 Watter belang het die gestorwenes in die leer van Jesus?**

God wil alle mense red. (Maar nie alle mense wil gered word nie.) Kyk ook I Petrus 3:19-21;

(2.4.3. vervolg) I Timothéüs 2:4. Hiervoor is die Evangelie verkondig. I Petrus 4:6. "Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor die dode sowel as die lewende te heers." Romeine 14:9.

## **2.5 OPSTANDING VAN JESUS EN SY INVLOED OP AARDE TOT DIE DAG VAN HEMELVAART:**

### **2.5.1 Het Jesus in die doderyk gebly?**

Nee. Hy het op die 3de dag opgestaan uit die dood. Handeling 2:24, 31.

### **2.5.2 Wat is die gevolg van die opstanding van Jesus?**

Opstanding beteken oorwinning van die dood. **"Maar God sy dank wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus."** I Korinthiërs 15:55-57.

### **2.5.3 Watter voordeel het ons van die opstanding van Jesus?**

Deur die opstanding is die dood oorwin. "En Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." Openbaring 1:18. "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle almal in Christus lewendig gemaak word." I Korinthiërs 15:22. As ons deel het aan Jesus, het ons deel aan Sy opstanding. Openbaring 20:6.

## **2.5.4 Hoe het Jesus na Sy opstanding weer verskyn?**

Hy het aan Maria verskyn as 'n tuinier. (Dit leer ons weer die waarde van **nederigheid**.) Johannes 20:14-16. Daarna aan Sy Apostels. Johannes 20:19-23. Jesus sê toe weer vir hulle: "Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou."

## **2.5.5. Wanneer het Hemelvaart plaasgevind?**

Na 40 dae het Jesus hulle uitgelei tot by Betanië. En Hy het Sy hande opgehef en hulle geseën. En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die Hemel opgeneem. Lukas 24:50-51; Handeling 1:9.

## **2.5.6 Hoe bereken ons die 40-dae tydperk?**

Die volgende is 'n beknopte samevatting aangaande die betekenis van die Paastyd. Dit word vertrou dat hierdie samevatting sal dien tot 'n beter begrip van die feesdae tydens Paastyd.

### **DIE PASGA**

Eerstens moet u daarop let om nie hierdie vakansiedae as maar net nog 'n vakansiedag te beskou nie. Hierdie dae moet veel eerder deurgebring word in die teenwoordigheid en (



2.5.6. vervolg) samesyn met ons broeders en susters in Christus. Ons behoort dan ook met nougesette ywer die eredienste wat op hierdie dae gehou word, by te woon. Handeling 20:16; I Korinthiërs 16:8.

Pasga is ingestel in die dae van Moses; die dag voor hy die Israeliete uit Egipteland uitgelei het. As deel van die pasga moet die Israeliete die bloed van 'n lam aan die deurkosyne van hulle huise verf. Die doodsengel het dan by so 'n huis verbygegaan, en op hierdie wyse is verseker dat die eersgeborenes van Israel se lewens gespaar is. Moses het ook van God opdrag ontvang om die pasga as 'n fees tot eer van die Here, en as 'n ewige uitsetting, te vier. Aangesien die ewigheid nog nie verstreke is nie, moet ons dit dus nog eerbiedig. Exodus 12:14.

In die evangelie van Markus word vir ons beskrywe hoe Jesus ook die paasfees onderhou het. Sy dissipels het vir Hom gevra waar Hy die pasga wou eet. Hierdie paasfees was ook die instelling van die Heilige Nagmaal. In Lukas 22:15 lees ons dan: "En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle tee eet voordat Ek ly."

Alhoewel ons nie in die vlees deel is van die Joodse volk nie, is ons tog geestelike Israeliete aangesien daar vir ons ook 'n vlekkelose lam ge-offer is. "Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuur is – want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met

(2.5.6 vervolg) suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid." I Korinthiërs 5:7-8. Lees ook Levitikus 23:12.

Die woord pasga kom van die Hebreeuse werkwoord "pasach" wat beteken "verbygaan", of om "oor te slaan", dus: "Om te spaar". Die pasga is die fees van die sparende verbygaan van die Here: "as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan". (Exodus 12:13) Dit sien op die feit dat hulle deur die bloed van die lam (die paaslam) wat hulle die vorige aand moes slag, gespaar gebly het van die oordeel wat die Here oor Egipte gebring het in die tiende plaag: die dood van die eersgeborenes. Die fees van die ongesuurde brode verwys ook na die haas waarmee hulle uit Egipteland uitgetrek het (Deuteronómium 16:3); en dus na die uittog self. Die pasga was ook 'n offer, gevolg deur 'n offermaaltyd. Lees ook Johannes 1:29, 36.

Die fees was gehou vir sewe dae vanaf die 14de tot die 21ste "Nisan" ('n Joodse kalendermaand) wat ooreenstem met Maart of April in ons kalender. Aangesien die begin van die Joodse maand bepaal was deur die stand van die maan, kon dit gebeur dat daar 'n 30 dae verskil kan wees in die moontlike begin van 'n nuwe maand. Dit is om hierdie rede dat ons Paastyd verskil van jaar tot jaar. Die herdenking van die opstanding van Christus word dan bepaal deur die datum van die Paasfees of "Pasach" (verbygaan "Passover" Exodus 12:13).

## **PINKSTERFEES**

Soos u weet het die kruisiging van die Here Jesus plaasgevind op die Vrydag. Hy het drie dae daarna weer opgestaan, en daarom praat ons van opstanding of Paas-Sondag. Hy het hierna 40 dae saam met Sy apostels deurgebring en hulle geleer. Lukas beskryf hierdie gebeure aan Theofilus in Handeling 1:1-3. Na hierdie 40 dae vier ons dan Hemelvaartdag.

Die woord "Pinkster" kom van die Griekse woord "Pentekostè" wat "die vyftigste" beteken. Die Pinksterfees of "fees van die weke" was die tweede groot jaarlikse fees. Dit het op die vyftigste dag, vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan is (Deuteronomium 16:9), dit is na die sestiende "Nisan", geval. Hulle het hierdie dag getel van die tweede dag van die Paasfees af, dit is van die dag waarop die beweegoffergerf van die eersteling van die garsoes ingebring is. (Levitikus 23:15) Hierdie fees was gehou vir sewe weke na die Paasfees. Exodus 34:22.

Dit blyk dus dat al hierdie dae in noue verwantskap tot mekaar staan. Pinkster was 'n fees van ongesuurde brood en welgeskape lammers (of hulle bloed), 'n tyd van afwagting waar ons as Apostolies geseën is deur die uitstorting van die Heilige Gees. Met ander woorde, dit waarvoor die Jode gewag het, is aan ons gegee omdat hulle Christus nie aangeneem het nie.

In Handelinge word ons vertel hoedat Apostel Paulus gepoog het om betyds vir die paasfees in Jerusalem aan te kom. (Handeling 20:16) Lees ook I Korinthiërs 16:8.

Laat ons dan ook hierdie dae wat deur ons Heiland en Verlosser ingestel is, onderhou, net soos Hy asook Sy Apostels dit onderhou het.

### **Opsomming:**

Vanaf Goeie Vrydag (verbygaan "Passover") die pasga of die nagmaal die nag voor dit, is dit drie dae na Opstanding Sondag. Vanaf die Opstanding is dit 40 dae tot by Hemelvaart (Handeling 1:2) en van Opstanding 50 dae na Pinkster of Pinksterfees wat ook genoem word die Dag van die Eerste Uitstorting van die Heilige Gees.

Goeie Vrydag + 3 dae = Opstanding

Opstanding + 40 dae = Hemelvaart

Opstanding + 50 dae = Pinkster

Outeur: J.P. Erasmus

### **Bibliografie:**

1. OXFORD BIBLE – Printed in 1885 for the Universities of Oxford and Cambridge. King James Version 1611.

Based on the 1962 edition of the American Bible Society. First South African Edition 1982.

2. CRUDENS COMPLETE CONCORDANCE OF THE OLD AND NEW TESTAMENTS.

LIBRARY OF CONGRESS CATALOG CARD NO.

76-14641.

Sixteenth printing August 1976.

**2.5.7 Watter belofte is aan die Apostels gemaak ten tye van die opstanding?**

“Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die Hemel sien wegvaar het.” Handeling 1:11

=====

## **DEEL DRIE**

### **3. DIE HEILIGE GEES, DIE APOSTOLIESE SENDING, TOERUSTING EN WERKSAAMHEDE:**

#### **3.1 Wat is die Heilige Gees?**

Die Heilige Gees is 'n vorm van kollektiewe krag wat uitstraal van God en Sy Seun, wat 'n wonderlike kragtige uitwerking het in en op die mens.

#### **3.2 Wat is die beloftes van die gawe en sending van die Heilige Gees?**

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom.” Handeling 1:8; Johannes 14:16-17, 15:26, 16:7-12.

#### **3.3 Hoe is hierdie beloftes vervul?**

“Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.” Johannes 20:21-22. “En toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.” Handeling 2:1-4.

### **3.4 Watter amp het Jesus self eerste in Sy gemeente gestel; as eerste maar ook die minste?**

Die amp van Apostel. I Korinthiërs 12:28 en Lukas 11:49.

### **3.5 Wat beteken die woord "Apostel"?**

Dit beteken ambassadeur en gesant, hy is 'n afgevaardigde van Christus in Sy gemeente.

### **3.6 Watter instruksies het Jesus aan Sy Apostels gegee?**

"En Jesus het nadergekom en met hulle gesprek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle bevel het." Matthéüs 18:18-20; Markus 16:15-18.

### **3.7 Watter pligte en krag het die Apostels saam met hulle amp verkry?**

"As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou." Johannes 20:23. "Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." Matthéüs 18:18. Lees ook Matthéüs 10.

### **3.8a) Was die sending en werksaamhede van die Apostels net tydelik vir hulle daargestel?**

Nee. Dit was ingestel tot die voleinding van die wêreld. "En Hy het gegee sommige as Apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus." Efésiërs 4:11-12; Matthéüs 28:20.

### **3.8b) Waar in die bybel vind ons dat die Here Jesus verdere apostels aangestel het deur roeping ná Sy Hemelvaart. M.a.w. Apostels wat nie ooggetuies van die Here Jesus was nie (dit is natuurlik gesproke, die wat Hom nie in persoon of in die vlees geken het nie)?**

Teenstanders van die Apostoliese geloof beweer dat net die persone wat die Here self geken het, of Hom gesien het, Apostels kan wees. Hulle beweer verder die Apostelamp het sy werk of opdrag voltooi. Wat dan van die werksaamhede van Apostel Paulus en Bárnabas? Handeling 14:14. Het dit nie volgens die wat beweer die apostelamp nie meer nodig is nie, 'n geweldige leemte gelaat op hierdie aarde nie? Waarom kon net daardie gemeentes die versoeningsamp besit het? Waarom het die Here Jesus net daardie Apostels die mag gegee om sondes te kon vergewe in Sy naam? Johannes 20:23. Hieruit moet mos dan afgelei word dat die amp van Apostel nie 'n tydelike of eenmalige



(3.8b vervolg) instelling is nie. Dit blyk verder uit die verkiesing/aanwysing van apostels ná die Hemelvaart van Jesus, naamlik, o.a. Paulus, Bárnabas, Jakobus die broer van Jesus.

### **3.8c) Het die Here Jesus verklaar dat net die manne wat in Sy leeftyd geleef het Apostels sou wees?**

Die antwoord is nee, dit het Hy nooit gesê nie! Inteendeel verklaar die Here in Matthéüs 28:20: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."

Jakobus, die broer van die Here, was ook **na** die eerste 12 Apostels verordineer. Galasiërs 1:19.

Die boek Handelingte gaan uitsluitlik oor die werksaamhede van die Apostels. Dit wat hulla **ná** Sy Hemelvaart verrig het, en nog vandag verrig.

### **3.9 Waarmee het Jesus Sy Apostels toegerus vir die vervulling van hulle pligte?**

Met die heilige en genadige werke van die Sakramente:  
Die Heilige Doop;  
Die Heilige Nagmaal;  
Die Heilige Verseëling.

### **3.10 Wat verwag die Here Jesus van die gesindheid tussen Apostels en hoe ernstig sien Hy dit?**

"n Nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." Johannes 13:34.

### **3.11 Hoe word die liefde van Jesus geïllustreer?**

In geduld met almal; in opregtheid met almal; in onvermoeide ywer met almal; volkome opoffering aan almal.

### **3.12 Wanneer het die Apostels hulle openbare werksaamhede begin?**

Tien dae na die Opstanding, in Jerusalem. "En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek." Handeling 2:4. "Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegesprek." Handeling 2:14.

### **3.13 Watter sukses het die Apostels in die begin gehad?**

"Die wat toe Sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele toegebring." Handeling 2:41 (Nie onderdompel.)

### **3.14 Hoe het die Apostoliese Christendom ontwikkel?**

"Terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is." Handeling 2:47

### **3.15 Wat was die houding van die skrifgeleerdes en Hoë Priesters teenoor die goeiende Christelike gemeente?**

Hulle was verontwaardig, want die apostels het gespreek en die mense onderrig in die leer van die Opstanding: Hulle het dus al meer aggressief geraak. Handeling 4:1-3, soos vandag nog die geval is.

### **3.16 Hoe was die groeiende skares en gelowiges, as die gemeentes, van die nodige dienste voorsien?**

Die Apostels het geskikte manne gekies as mede-werkers en het hulle in ampte aangestel. Hulle het ook briewe geskryf, wat in die Bybel vervat is. Hulle het lang en gevaarlike reise onderneem om verafgeleë plekke te besoek om aandag aan daardie gemeentes te gee.

### **3.17 Hoe was hierdie mede-werkers en ampsdraers ingehuldig?**

Hulle moes voor die Apostels verskyn en "...hulle het gebid en hulle die hande opgelê." Handeling 6:6

### **3.18 Behalwe die eerste twaalf Apostels, watter ander Apostels se name verskyn nog in die Bybel?**

Die name van sommige van die mede-werkers was: Matthias – Handeling 1:26, Bárnabas – Handeling 13:1-4 en Galasiërs 2:9, Paulus – Handeling 14:14. Andronicus en Júnias – Romeine 16:7, Epafroditus – Filippense 2:25, Annanias – Handeling 9:10-17, (3.18 vervolg) Timótheüs en Silvánus – I Thessalonicense 1:1, Jakobus, broer van Jesus – Galasiërs 1:19, Judas – sien brief van Judas.

### **3.19 Hoe het die Apostels hulle belangrike werksaamhede georganiseer?**

Deur byeenkomste te hou onder die Apostels en ampsdraers. Handeling 1:13-16, 15.

### **3.20 Wat is die pligte van 'n Apostel?**

Sy eerste en vernaamste plig is:

- a) Om die Skepper en Sy eniggebore Seun bo alles te eer en lief te hê.
- b) Om homself aan Christus te wy as ambassadeur of gesant. II Korinthiërs 5:20.
- c) Om homself as ondergeskikte van Christus te stel en dienooreenkomstig te leef.
- d) Om Christus te predik en Sy evangelie te verkondig. Dit word gedoen in die verkondiging van die woord, (Handeling 6:4) en in die bediening van die Nuwe Testament. II Korinthiërs 3:6. Hierdie bediening dui op die bediening van die drie sakramente.
- e) Om die volk van God nader te bring aan Christus Jesus in die bediening van die versoening. II Korinthiërs 5:18. Hierdie versoening hou verband met die amp wat die Apostel dra as synde die versoeningsamp.
- f) Om die volk van God te leer om God die Vader en Christus Jesus bo alle wesens op die aarde lief te hê en die hoogste te eer.
- g) Om gelowiges te doop of te laat doop met water. Johannes 3:5.  
(3.20 vervolg)
- h) Om sondes te vergewe in die Naam van God en Jesus. Johannes 20:23. Hierdie mag word verkry

deur dit wat ons lees in Efesërs 3:2. "As julle ten minste gehoor het van die bediening van die genade van God wat aan my verleen is vir julle."

- i) Om genade te verleen aan dié wat soek.
- j) Om die Heilige Nagmaal te bedien of te laat bedien.
- k) Om die Heilige Gees oor te dra by geleentheid van verseëlingseremonies. Handeling 19:1-6; Efesiërs 1:13; Handeling 8; Johannes 3:5; II Korinthiërs 3:6-8.
- l) Om aandag te gee aan die gemeente deur die aanstelling van ampsdraers. Handeling 6; I Korinthiërs 12; I Thessalonicense 2; II Timotheüs 2.
- m) Om die gemeente van Jesus bymekaar te maak om hulle vir die toekoms en die ewige lewe voor te berei. I Thessalonicense 4 & 5.

=====

## **DEEL VIER**

### **4. DIE ONTWIKKELING VAN GEMEENTES TOT VANDAG:**

#### **4.1 Hoe het die verspreiding van die evangelie van Jesus in die vroeëre tye plaasgeving?**

Die aanvanklike twaalf Apostels het hoofsaaklik onder die Jode gewerk, maar latere Apostels het sendingswerk onder die heidene gaan doen. Deur die vervolging van Christene het baie Apostels omgekóm.

#### **4.2 Wie in die Bybel was die Apostel wat die langste geleef het?**

Dit blyk dat dit Apostel Johannes was, aangesien ons geen bevestiging in die Bybel kry dat hy 'n gewelddadige/ marteldood gesterf het nie.

#### **4.3 Waarvoor is die Apostel Johannes veral bekend?**

Op die eiland Patmos het God 'n openbaring aan hom gemaak met betrekking tot die toekomstige ontwikkeling van Sy kerk, en op advies van God het hy dit neergeskryf. Lees die Openbaringe van Johannes.

#### **4.4 Watter belangrike gebeurtenisse het plaasgevind in die tyd direk na die Bybelse tyd volgens die Christelike kalender?**

Dit was tydperke van Christelike vervolging onder die Romeinse keisers; asook die dokumentering van die Bybel soos ons dit vandag ken.

#### **4.5 Hoe en wanneer het hierdie vervolging geëindig?**

Aan die begin van die 4de eeu. Keiser Konstantyn die Grote het die Christelike geloof aangeneem en hy het vryheid van geloof in sy ganse ryk aangekondig.

#### **4.6 Watter ontwikkelinge het in die tyd ná Keiser Konstantyn plaasgevind?**

Manne van geloof en wysheid het as kerkvaders opgetree. Daar het nou monnike en kloosters ontstaan. Die geestelike bediening het daarin geslaag om 'n pouslike status as 'n wêreldmag daar te stel.

#### **4.7 Was hierdie ontwikkeling tot voordeel van die evangelie van Christus?**

Geskiedenis bewys juis die teenoorgestelde. Terwyl pouse en prinse besig was met gewapende stryd vir mag, was die Christendom van sekondêre belang.

#### **4.8 Wat was die gevolge van die geestelike oorheersing en die skeuring in die Katolieke Kerk?**

Die Islamse geloof het begin uitbrei na lande in Asië, hoewel die Christendom uitgebrei het in die Europese lande.

#### **4.9 Hoe het God gedurende die Renaissance gesorg vir die opregte en genadesoekende mense?**

God het mense van geloof gekies, getuies van die waarheid binne die kerk, bv. Savonarola van Italië, John Wycliff van Engeland, John Huss van Bohemië, en Waldenser, Albingenser en baie ander.

#### **4.10 Watter belangrike gebeurtenis het op geestelike gebied plaasgevind?**

Die Hervorming. Hierdeur het o.a. Luther en Melancton in Duitsland, Zwingli en Calvyn in Switserland en Frankryk; en Cramer en Knox in Engeland hulle roem en sukses verseker. Alle geloofsgenootskappe het hulle ontstaan te danke aan hierdie hervorming, ook die Apostoliese Sending soos ons dit vandag ken. Geen enkele kerk kan dus daarop aanspraak maak dat die hervorming slegs vir hulle was nie. Hierdie hervorming/evolusie is vandag nog aan die gang.

#### **4.11 Wat was die kern van die Hervorming?**

Daar het groot geestelike botsings ontstaan met die Pous en sy volgelinge. Dit was hoofsaaklik 'n stryd ten opsigte van geloof, maar het gelei tot bloedige (4.11 vervolg) oorloë, veral die 3-jarige oorlog (1618-1648) wat groot dele van Europa verwoes het.



#### **4.12 Wat was die gevolge van hierdie hervomings-beweging ten opsigte van die verkondiging van geloof?**

In die stryd teen die wyse van verkondiging, het daar 'n skeuring in geloof onder die Christelike state van Europa ontstaan.

#### **4.13 Wat was die resultaat van die Hervorming?**

In baie lande het die misbruik van die geestelike mag tot 'n end gekom en vir die mense wat waarheid en lig gesoek het, was vryheid van denke en die reg om die waarheid te soek, toegestaan.

#### **4.14 Watter gebeurtenisse was van belang aan die begin van die 19de eeu?**

Baie getroue Christene het die voorspellings van Jesus erken en groot bid-byeenkomste het plaasgevind om te pleit vir die beloofde herlewing van die Heilige Gees en die gawes wat daarmee gepaardgaan soos dit in die Bybel beskryf is.

#### **4.15 Het God hierdie belofte nagekom?**

Ja, soos dit was aan die begin van die Kerk van Christus, het God die geestelike gawes weer laat ontwaak met die Apostoliese sending.

#### **4.16 Wanneer en waar het die Apostelamp weer tot stand gekom?**

Die eerste profesie het in ongeveer 1830 plaasgevind by 'n bid-samekoms te Albury, Skotland en op die 7de November 1832 is die eerste Apostel, John Cardale, ingehuldig.

#### **4.17 Hoeveel Apostels was daar gedurende hierdie tyd in Engeland ingehuldig en in watter jaar?**

Gedurende die jare 1832-1835 was 12 Apostels ingehuldig.

#### **4.18 Hoe en waar het hierdie Apostels opgetree?**

Met volle vertroue van God se ondersteuning het hulle, hulle Apostoliese pligte nagekom en na verskeie wêrelddele gereis om gemeentes te stig ooreenkomstig die voorbeelde van die antieke Apostoliese kerk.

#### **4.19 Wat was hierdie gestigte gemeentes genoem?**

Hierdie gemeentes, gestig deur die Engelse Apostolies was genoem: "Katolieke Apostolies".

#### **4.20 Wat beteken die term Katoliek?**

Katoliek beteken alles omvattend, algehele of universele belange en 'n hele massa van Christene.

#### **4.21 Wat was die verloop van hierdie nuut gestigte gemeentes?**

Die hoogtepunt van die Katolieke Apostoliese gemeenskap het in die middel van die 19de eeu, (1840-1860) plaasgevind. Hierna het dit egter in verval geraak.

#### **4.22 Waarom is die idée dat geen opvolger in die Apostelamp noodsaaklik is nie, foutief?**

Omdat die werksaamhede van Apostels in gemeenskap met Christus noodsaaklik is tot die wederkoms van Christus.

=====

## DEEL VYF

### 5. DIE APOSTOLIESE KERK (APOSTEL EENHEID) SOOS DIT VANDAG IS:

#### 5.1 RAAD VAN ADMINISTRATEURS

##### 5.1.1 Hoe word die Kerk geadministreer?

Die Kerk word geadministreer deur 'n Administrateur en 'n Raad bestaande uit die Opsieners en 5 ander lede wat vir 'n tydperk van twee jaar op die Raad dien.

Die Administrateur, in samewerking met die Raad, besluit oor die aankoop, verkoop en verbetering van vaste bates van die Kerk. **Geen enkele persoon kan dus enige bates van die Kerk vervreem of aankoop nie.**

Die voornoemde Administrateur en Raad se uitvoerende verantwoordelikhede en bevoegdhede met betrekking tot die bates van die Kerk is in 'n Konstitusie (Grondwet) saamgevat. Die Kerk se bates is **dus nie die eiendom, of onder beheer van enige enkeling nie.** Daar kan dus ook geen sprake wees van 'n persoon wat die Administrasie van die Kerk soos 'n diktator (voorskriftelik en alleenheersend) beheer nie.

### **5.1.2 Hoe is die Ampskring saamgestel?**

Die eerste en belangrikste doelwit met die verskillende amptes is om die kinders van die Here toe te rus vir hulle dienswerk. Hiervoor het elke apostolie die wysheid wat van bo is nodig. Hierdie wysheid word vir ons op treffende wyse beskryf in Jakobus 3:13: "Die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveer; Die vrug van geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak."

### **5.1.3 Wat is die oorsprong van die ampsbenamings van ons Amptes?**

Die pligte van Ampsbroeders word in die skrif uiteengesit en beskryf. Dit is die rede hoekom ons kerk die amptes het wat ons het en vir die benamings waarby ons hulle ken. Ons kerk heg baie waarde aan die pligte van diensknegte soos dit uiteengesit is in I Timothéüs 6:1 waar daar staan: "Almal wat diensknegte is, moet hulle eie here alle eer waardig ag, sodat die Naam van God en die leer nie belaster mag word nie." (Hier word verwys na die voorgangers wat ons het as ons eie "here". Dit is m.a.w. die wat korrek en gepas optree. Die woord "here" het hier dieselfde betekenis as in die aanspreekvorm "dames en here", en verwys glad nie na die Here Jesus of dat ons mense aan Hom moet gelykstel nie.)

### (5.1.3 vervolg)

In I Timothéüs 6:1-17 kry ons algemene vermaninge en algemene teregwysing aangaande die gedrag en optrede van diensknegte. Dit is baie belangrik dat een en elke Apostolie hierdie hoofstuk deeglik sal bestudeer en dit ken. Hier word net verwys na die verse wat vir amptes (asook ander lidmate), rigting aandui.

- v.3. Bly by die gesonde woord van die Here Jesus Christus.
- v.4. Moenie verwaand word nie, vermy twisvrae en `n woordstryd – hieruit ontstaan afguns, lasteringe en bose agterdog.
- v.5. Hierdie vers verwys na nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand is, wat dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense sê die Apostel Paulus.
- v.8. Wees vergenoegd met voedsel en klere.
- v.14. Hou die gebod onbevlek.
- v.17. Beveel die rykes om nie hoogmoedig te word nie. Verse 18 & 19 sê dan vir ons hoe die rykdom lyk waarna ons moet strewe.

In Romeine 12 word ons vermaan aangaande die toewyding, die ootmoed en getrouheid aan die gebruik van Sy gawes, wat ons aan God moet bewys

(5.1.3 vervolg) Bestudeer die hele hoofstuk met spesifieke verwysing na die volgende verse:

- v.1. Stel julle liggame as lewende, heilige en aan God welgevallige offers.
- v.2. Word nie aan die wêreld gelykvormig nie.
- v.3. Moet nie van homself meer dink as wat 'n mens behoort te dink nie. Hy moet besadig wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.
- v.4. Ons is almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlike lede van mekaar. (Hier word ons dus weereens gewys op die noodsaaklikheid vir eensgesindheid en broederliefde.)
- v.6. Ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:
  - is dit profesie (preek)
  - is dit bediening
  - na die maat van geloof
  - in die werk van bediening
  - wie leer
  - wie vermaan
  - wie uitdeel
  - wie 'n voorganger is
  - wie barmhartigheid bewys
  - in die lering
  - in die vermaning
  - in opregtheid
  - met ywer
  - met blymoedigheid.

(5.1.3 vervolg) Aangaande die broederliefde, geduld en verdrukking word ons in I Petrus 3 & 4 ingelig en onderrig. In

hierdie hoofstukke word verdere algemene riglyne vir die optrede en gedrag van amptes en lidmate uiteengesit. Lees en bestudeer altwee hierdie hoofstukke noukeurig. Die treffendste hiervan die volgende:

Hoofstuk 4:7 Wees ingetoë en nugter om te kan bid.

v.9 Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te murmureer.

Die vereistes wat aan DIENSKNEGTE gestel word, word

in I Timothéüs 3 beskryf. Dit is belangrik om daarop te

let dat hierdie vereistes gestel is vir ALMAL wat hulself

DIENSKNEGTE noem. Dit moet duidelik wees dat 'n Broer of Suster, en selfs kinders in die Kerk, gesien kan

word as diensknegte omdat ons almal graag die Here wil dien. Hierdie vereistes is dus op ons ALMAL van toepassing en nie net op sommiges, of die Ampsbroers

nie. Hierdie vereistes is: I Timothéüs 3

v.1. Onberispelik, 'n man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig

v.2. geen drinker, geen vegter, geen vuil gewinsoeker, vriendelik, geen strydlustige, geen geldgierige

v.3. sy huis goed regeer en sy kinders met waardigheid onderdanig kan hou



- v.6. Moet nie `n nuweling wees nie sodat hy nie verwaand word nie
- v.7. Moet goeie getuienis hê van buitestaanders.

In Titus 1:7 & 8 staan:

“Moet nie eiesinnig wees nie...die goeie liefhê...vashou

aan die betroubare woord wat volgens die leer is...met

gesonde leer vermaan en weerlê.”

#### **5.1.4. Wat is die Ampte van die Kerk?**

Apostel, Opsier, Oudste (Distrik of Gemeente), Evangelis, Priester en Diaken.

Handelinge: 1:25-26; 4:35-37; 5:18; 14:23; 15:4; 15:6; 15:23; 16:4; 22:5; 21:8. Markus 6:30, Lukas 6:13; 11:49; 24:10. I Korinthiërs 12:28-29; 9:2.

Efésiërs 3:5. II Petrus 3:2. Openbaring 18:20; 4:4. Romeine 1:5. Galasiërs 2:8. Filippense 1:1. I Timothéüs 3:1; 5:17. II Timothéüs 4:5. Titus 1:5; 1:7. Jakobus 5:14. Efésiërs 4:11.

#### **5.1.5 Wat is `n Opsier?**

Die woord Opsier is afgelei van die Griekse woord “episkopos” wat ook vertaal kan word met Biskop. Hy tree op as hoof van `n kerkdistrik.

(5.1.5 vervolg) Sy taak is om toesig te hou oor die kudde. (Handelinge 20:28; I Petrus 5:2) Hy moet ook aan bepaalde vereistes voldoen. (I Timothéüs 3:1-7; Titus 1:7-9).

### **5.1.6 Die Oudste**

Hy lei die gemeente as 'n Oudste, nie noodwendig in jare nie, maar in ondervinding. Hy besoek die siekes saam met die Priester. 'n Distrik Oudste is in bevel van meer as een gemeente, wat 'n distrik genoem word.

Reeds in Egipte het Israel Oudstes gehad. (Exodus 3:16, 18) Hulle word ook tydens die reis in die woestyn genoem. (Exodus 18:12; 24:1; Levitikus 4:15; 9:1; Númeri 11:16).

### **5.1.7 Die Evangelis**

Die naam beteken niks anders nie as "die draer van die blye booskap, die evangelie" nie. Sy taak is dus hoofsaaklik sendingwerk om die evangelie van Christus te verkondig.

### **5.1.8 Die Priester**

Die Priester se werk het met die altaar te doen. (Númeri 18:5) Hy is verder verantwoordelik vir die bring van offers en seëning van die volk. (Númeri 6:22-27)

Hulle moet die volk die verskillende insettinge leer soos dit blyk uit: (Levitikus 10:11, Deuteronomium 19:17; 33:10, I Kronieke 23:4; 26:29, II Kronieke 17:7-9, Maleági 2:7), hy (5.1.8 vervolg) vertroos siele, gee raad, en besoek die siekes en moeës. Alle Ampsdraers vanaf die Priester tot die Opsieners mag die volgende sakramente bedien:

- Die Heilige Nagmaal; en
- Die Heilige Doop met water.

### 5.1.9 Die Diaken

- Die woord is afgelei van die Griekse woord "diakonos" wat dienaar beteken.
- Die Diaken moet bepaald vir die armes sorg. (Filippense 1:1; Timothéüs 3:88)

Volgens die Skrif word die volgende vereistes aan hierdie amp gestel. Hierdie vereistes kan in I Timothéüs 3 nageslaan word. Die belangrikstes is die volgende:

- v.8. Waardig, nie uit twee monde spreek nie,  
nie  
verslaaf wees aan wyn nie, geen vuil  
gewinsoeker
- v.9. Manne wat die verborgenheid van die  
geloof  
in rein gewete hou
- v.10. Moet eers 'n proef tydperk deurmaak
- v.12. Manne van een vrou wat hulle huise en  
kinders goed regeer.

Dit is belangrik om te let daarop dat die Diaken-amp vergelyk word met die amp van Opsier. Ons kan dan ook sê, en dit moet so toegepas word, dat die amptes tussen hierdie twee aan (5.1.9 vervolg) dieselfde vereistes moet voldoen. Dit is verder belangrik dat die ampskring gesien word as die Jakobs-leer wat vir die gemeente daargestel is ten einde elke lidmaat by te staan met raad en ondersteuning op sy of haar pad na die hemelland.

## **5.2 DIE SAKRAMENTE**

### **5.2.1 Wat is 'n sakrament?**

ingestel  
van

Dit is 'n Heilige, sigbare teken en seël deur God  
ten einde aan die mens Sy belofte van vergewing

sondes waarborg en hom dit beter te laat verstaan,  
sy geloof te voed en te onderhou. Dit is dus 'n  
genademiddel.

Dit is verder 'n Godsdienstige handeling van die kerk  
wat die teken is van die geloof aan die  
verlossingswerk van Christus en van die genade  
waarin die feitlike (d.i. in 'n daadsaak) deelhê van  
die verlossingswerk bewerkstellig word.

Ons kerk onderhou drie sakramente, nl.:

- Die Heilige Doop
- Die Heilige Nagmaal
- Die Heilige Verseëling

“Want daar is drie wat getuig in die Hemel: die  
Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie  
is een.” (I Johannes 5:7)

Sommige kerkgenootskappe erken slegs twee  
Sakramente, nl. die Doop en die Nagmaal.  
Die Rooms Katolieke kerk erken weer sewe  
sakramente.

## **5.3 DIE HEILIGE DOOP**

### **5.3.1 Wat is die Heilige Doop?**

Dit is deel van die wedergeboorte. Johannes 3:4-5.  
`n Verbond met God tot `n goeie gewete. I Petrus  
3:21  
Die weg van verlossing. Markus 16:16

### **5.3.2 Wie mag deel hê aan die Heilige Doop?**

Jesus sê aan Sy Apostels: "Gaan dan heen, maak  
dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam  
van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.  
Matthéüs 28:19. Sodoende is geen mens uitgesluit  
uit hierdie genadedaad nie.

### **5.3.3 Wat is die voorvereistes vir deelname aan die Heilige Doop?**

Die voorvereiste is die geloof en vertrouwe in die drie  
eenheid van God en die begeerte tot verlossing. "Hy  
wat glo en hom laat doop, sal gered word." Markus  
16:16

### **5.3.4 Watter belofte lê die mens af by die Heilige Doop?**

So `n persoon belof om sy lewe aan God te wy, sy  
sondige wese te versaak, sowel as die wêreld, die  
sonde en die duiwel.

### 5.3.5 **Waarom word kinders gedoop?**

Omdat hulle onderworpe is aan die genade van God soos vervat in die toediening van die doop, net soos in die geval van volwassenes. Jesus het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. En Hy het Sy arms om hulle geslaan, Sy hande op hulle gelê en hulle geseën." Markus 10:14 en 16. Daar is ook geen gebod van God, Jesus of enige Apostel om dit te weerspreek nie.

Die kerk verkondig en glo in **doop met water**, aangesien dit die doop is wat deur die Here Jesus ingestel en verkondig is. Die Doop is 'n heilige Sakrament wat dien as teken van die afwassing van erfsondes. Die hoeveelheid water wat vir hierdie aangeleentheid gebruik word, speel geensins 'n rol nie, aangesien dit slegs 'n teken/simbool is. Die belangrikste is die afwassing van die erfsondes, aangesien dit geskied in die naam van Christus Jesus. Die water wat gebruik word, moet as geestelike – nie natuurlike water nie, gesien word. Water is die uiterlike simbool wat 'n innerlike taak verrig. Die volgende tekse dui aan waarom kinders volgens die Here Jesus gedoop moet word, en stel dit duidelik dat die water 'n simbool en nie die kernsaak van die doop is nie. Volgens Lukas 2:21-24 het die Here Jesus, by Sy geboorte, die doop ondergaan en is Hy op die agste dag besny. Volgens Markus is Jesus toe in die Jordaan – waar Johannes die Doper ook gedoop het – gedoop, omdat dit die enigste lopende water in daardie dae was (Markus 1:9). Hierdie doop moes die Here Jesus ondergaan,

(5.3.5 vervolg) omdat Johannes gestuur was met die taak om Christus te doop.

Uit Lukas 7:18-28 blyk dit duidelik dat Johannes self getwyfel en nie die Here Jesus se sending nagevolg het nie, deurdadig hy twee van sy dissipels na Jesus gestuur het om Hom te vra of daar 'n ander geloof sou wees.

Johannes die Doper verklaar self dat sy doop eenmalig en vir die Here Jesus bedoel was: "Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat na my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur." (Matthéüs 3:11)

Doop is dus 'n reiniging met geestelike water wat die innerlike reinig, en met 'n sigbare simbool bevestig word. Die woorde van ons Here Jesus in

Lukas 12:50 maak dit verder duidelik dat die doop 'n geestelike saak is: "Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en

hoe benoud word Ek totdat dit volbring is!

'n Verdere bewys van die doop as 'n innerlike saak word in Apostel Paulus se mening omtrent die doop weerspieël, nl. dit wat die gewone Christen nie verstaan nie, is dat die doop met die Heilige Gees by verre belangriker is en meer gewig dra as die doop met water.

Apostel Paulus was tog een van die grootste diensknegte van God op die aarde en sou die (5.3.5. vervolg) onderdompelingdoop so geweldig belangrik wees soos wat sommige kerke dit interpreter, is dit moeilik om Paulus se woorde in I Korinthiërs 1:14-16 te verstaan:

"Ek dank God, dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus, sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie. Ek het ook nog

die huisgesin van Stèfanus gedoop. Verder weet ek nie of ek iemand anders gedoop het nie.”

### **5.3.6 Hoe is dit moontlik dat klein kindertjies reeds die genade verbond kan ingaan deur die doop?**

Dit word moontlik gemaak deur die belofte en geloof van ouers wat die verantwoordelikheid van die kind op hulle neem. As die ouers nie meer leef nie, of omstandighede hulle verbied om teenwoordig te wees, kan ander persone afgevaardig word om die verantwoordelikheid oor te neem.

### **5.3.7 Watter verantwoordelikheid rus daar op die ouers?**

Hulle verantwoordelikheid is om die kind op te voed in die geloof en hom te leer of te laat leer sodat hy of sy bewus kan word van die verbond van die Doop.



## **5.4 DIE HEILIGE NAGMAAL**

### **5.4.1 Wat is die Heilige Nagmaal?**

Dit is die offer en deelname in die verdienstelikheid van die aanbieding van Jesus en Sy eie liggaam en bloed deur die gebruik van wyn en ongesuurde brood. Dit is 'n simboliese maaltyd met Jesus en Sy Apostels.

### **5.4.2 Wanneer en met watter woorde het Jesus die Nagmaal ingestel en aangebied?**

Gedurende die nag toe Hy deur Judas verraai was, het Jesus die Heilige Nagmaal ingestel. "Daarop neem Hy die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is My liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot My gedagtenis. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed wat vir julle uitgestort word." Lukas 22:19-20.

### **5.4.3 Watter ander tekse in die Bybel verwys ook na die instelling van die Nagmaal?**

Matthéüs 26:26-28; Markus 14:22-24; en veral I Korinthiërs 11:23-25.

### **5.4.4 Deur wie word die Heilige Nagmaal afgesonder en voorberei?**

Die seëning van die Heilige Nagmaal word gedoen deur die Priesterlike bediening.

### 5.4.5 Wat beteken inseëning of toewyding?

Die nagmaal is deur Christus ingestel in die nag waarin Hy verraai is. Deurdat Jesus die nagmaal ingestel het by die Paasmaaltyd, net voor Sy dood, kry die Nagmaal die karakter van 'n sakrament van die nuwe bedeling. Die seremoniële wet word afgeskaf, die nagmaal moet bly (vergelyk ook I Korinthiërs 11:26). Die nagmaal word deur Christus en Apostel Paulus in verband gebring met die verbond of testament. Dit is die teken en die seël daarvan. Johannes 6:48 gee meer besonderhede hieroor waar Jesus praat oor die eet van brood wat uit die hemel neergedaal het, die brood wat Hy self is, en die drink van Sy bloed. Omdat Jesus liggaamlik teenwoordig was toe Hy hierdie gesprek het, net soos ook by die instelling van die Nagmaal, kan hierdie woorde nie in werklike sin bedoel wees nie, maar moet hulle as beeldspraak van baie nou vereniging opgeneem word.

Die seëning van die Nagmaal het dus ten doel om van die Here te pleit dat die brood en wyn wat ons gebruik dieselfde krag en genade moet dra as die brood en wyn wat Hy gebruik het toe Hy die Nagmaal ingestel het. Hierdie seëning het egter geen waarde indien die individu wat daaraan deelneem nie deur die seremonie van die sakrament hom of haarself so instel dat die gebruik daarvan werklik herinner aan die kruisiging en opstanding van die Here Jesus nie. Hierdie seremonie moet vir ons die betekenis hê dat dit ons waarlik herinner aan die opoffering wat Jesus vir ons

(5.4.5 vervolg) gemaak het, maar ook aan die verlossende krag van Sy evangelie wat daarmee gepaard gaan.

#### **5.4.6 Wat is 'n voorvereiste van die Heilige Nagmaal?**

Daar moet 'n innige begeerte in die hart wees wat ten eerste bely teenoor Christus en dan vir genade en die vergewing van sondes bid. Ware berou is eerlike berou en diepe jammerte oor die gedagtes, woorde en daade wat onregverdiglik teen God en mens gedoen en uitgespreek was.

#### **5.4.7 Hoe kan ons deel hê aan die vergewing van sondes?**

Deur 'n berouvolle, boetvaardige en genade-soekende hart en getroue aanvaarding van die woorde van vergifnis van sonde van die boeskapper van God.

#### **5.4.8 Wat is ware boetedoening?**

Dit is 'n volwaardige ommeswaai van binne en buite van alle sondes; asook die verandering na die begin van 'n beter lewe.

#### **5.4.9 Wat is 'n onwaardige deelname aan die Heilige Nagmaal?**

Wanneer ons Heilige Nagmaal gebruik sonder werklike berou en boetedoening en sonder die eerlike bedoeling om onself te verbeter.

#### **5.4.10 Wat is die uitwerking van 'n waardige aanvaardig van die Heilige Nagmaal?**

Die uitwerking word gevoel in 'n hemelse saligheid, 'n diepe vrede in die siel en 'n intieme gemeenskap met Christus.

### **5.5 DIE HEILIGE VERSEËLING**

5.5.1 Die gebruik van 'n seëling om eienaarskap en outoriteit aan 'n brief, geskrif, of ander persoonlike eiendom te koppel, was algemene gebruik onder die mense in die tyd van Jesus. Kyk byvoorbeeld na I Konings 21:8 waar staan: "Daarop het sy 'n brief in die naam van Agab geskrywe en met sy seël dit verseël."

Dit het dieselfde waarde vir die Here Jesus. Wanneer Hy praat van verseël met die Heilige Gees wil Hy daarmee Sy stempel van eienaarskap op ons plaas; Hy wil bevestig dat elke verseëelde die belofte van Koningskap aangeneem het; dat diesulkes huisgenote in Sy Vader se huishouding is; dat dit vir ons kan dien as versekering, as bevestiging dat ons deel het aan elke belofte wat Hy ten opsigte van Sy kinders gemaak het. Ja, Jesus MERK ons op die wyse aan die voorhoof as synde die bruid van Christus!

II Korinthiërs 1:22 "Wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gee het." In die

(5.1.1 vervolg) Engelse teks word ook gepraat van 'n "waarborg" van die dinge wat moet kom.

'II Corinthians 1:22 Set His seal of ownership on us, and put His Spirit in our hearts as a deposit, guaranteeing what is to come.'

'Ephesians 4:30 And do not grieve the Holy Spirit of God, with whom you were sealed for the day of redemption.'

'II Timothy 2:19 Nevertheless, God's solid foundation stands firm sealed with this inscription: "The Lord knows those who are His", and, "Everyone WHO confesses the Name of the Lord must turn away from wickedness.'

'Romans 8:15 For you did not receive a spirit that makes you a slave again to fear, but you received the Spirit of sonship. And by Him we cry, ("Abba), Father.'

Lees ook die volgende: Johannes 6:27; Romeine 8:14, 16.

In Efésiërs 1:13 lees ons die volgende: "in wie julle ook, nadat julle die woord van waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle dit ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte."

Die volgende verse hou verband met die teks hierbo: 'Romans 10:14 How, then, can they call on the one they have not believed in? And how can they believe in the one of whom they have not heard?

And how can they hear without someone preaching to them.'

(5.1. vervolg) `Romans 10:15 And how can they preach unless they are sent? As it is written, "How beautiful are the feet of those who bring good news!'

`Deuteronomy 29:12 You are standing here in order to enter into a covenant with the LORD your God, a covenant the LORD is making with you this day and sealing with an oath.'

`Isaiah 29:11 For you this whole vision is nothing but words sealed in a scroll. And if you give the scroll to someone who can read, and say to him, "Read this, please", he will answer, "I can't; it is sealed.'

Uit die bogenoemde teksverse is dit duidelik dat "verseëling" 'n diepgaande betekenis het vir die kinders van die Here.

Die Heilige Verseëling is een van die Sakramente. Dit moet nie met die Heilige Doop met water verwar word nie, aangesien die Heilige Verseëling die Doop is met die Gees en met vuur.

## **5.5.2 Wat is die Heilige Verseëling?**

Die Heilige Verseëling is die toewysing van die Heilige Gees en die kroon van alle Goddelike handeling. Daarby is dit nog die doop met die Gees en vuur. Matthéüs 3:11, Markus 1:8, Handeling 1:5. Gesalf in God; II Korinthiërs 1:21-22. Openbaring in die Gees, Johannes 3:5-6. Burgerskap in die huishouding van God. Efésiërs 2:12-19. Erns in die Gees. II Korinthiërs 1:22-25, Efésiërs 1:13-14.

### **5.5.3      **Waarom word die Verseëling ook die Heilige salwing genoem?****

Omdat ons gesalf word tot die priesterskap van Christus deur die Heilige Gees.

### **5.5.4      **Wat verstaan ons onder die wedergeboorte in die Gees?****

Dit beteken die aanvaarding van 'n nuwe lewe in Christus waardeur ons die kinders van God en 'n nuwe wese in Christus word.

### **5.5.5      **Wat is burgerskap in 'n Hemelse Jerusalem?****

Dit verseker ons plek in die koninkryk van God.

### **5.5.6      **Waarom is die ontvangs van die Heilige Gees die weg na ons verlossing?****

Omdat ons daarmee die koopteken van die Lam ontvang waarmee Hy bevestig dat ons kinders en huisgenote van God se Koninkryk word.

### **5.5.7      **Hoe vind die sakramentele handeling van die Heilige Verseëling plaas?****

In vergelyking met die water by die doop en die brood en wyn by die nagmaal, maak die Apostels gebruik van die uiterlike teken naamlik die hande oplegging op die persoon. Deur die woord wat gespreek word, word die Heilige Gees dan oorgedra. Handeling 8:17.

### **5.5.8 Hoe het die Christene in die outydse kerke die Heilige Gees ontvang?**

Die Apostels het hulle hande op hulle gelê en so het hulle die Heilige Gees ontvang. Handeling 8:14-17, 9:17, 19:6, II Timothéüs 1:6.

### **5.5.9 Was daar uitsonderings van die hande-oplegging vir die ontvangs van die Heilige Gees?**

Ja. In die teenwoordigheid van die Apostel Petrus. Cornelius die hoofman oor honderd en sy huis was gereinig deur die gawe van die Heilige Gees.

### **5.5.10 Waarom het God hierdie uitsondering gemaak?**

Dit was om die Apostel Petrus te leer dat heidene ook die Heilige Gees kan ontvang.

### **5.5.11 Wie moet teenwoordig wees by die ontvangs van die Heilige Gees?**

’n Apostel van Jesus moet teenwoordig wees. II Korinthiërs 3:6-8. “En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.” Handeling 10:44

### **5.5.12 Wie kan die Heilige Gees ontvang?**

Al die gedoopte gelowiges wat ’n begeerte in die hart besit om die gawe van die Heilige Gees te ontvang. Let daarop dat dit “gedoopte



(5.5.12 vervolg) gelowiges” moet wees, wat beteken dat die Here Jesus ten volle aangeneem moet word.

### **5.5.13 Hoe word die Heilige Gees aan ons geopenbaar?**

Op talle maniere. As die gees van vertroosting, opbeuring, waarheid, wysheid, begrip, verstand, oordeel, raad, sterkte, in die gees van kennis en respek teenoor Jesus, in die deug van liefde en kultuur, as 'n gees van genade geopenbaar in gebed, in die gees van harmonie en eenheid, in gehoorsaamheid en glorie. Jesaja 11:2, Sagaria 12:10, Johannes 15:26, I Korinthiërs 13, Efésiërs 1:17, II Timothéüs 1:7, I Petrus 4:14.

### **5.5.14 Watter vrugbare resultate verkry diegene wat gewillig is om die Heilige Gees te ontvang?**

Liefde, geluk, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, geloof, saggeaardheid, kuisheid. Galasiërs 5:22. Regverdigheid, nederigheid, gehoorsaamheid, self-opoffering, medelye en genade, insluitende alle goeie hoedanighede wat deur hulle optrede en lewenswandel geïllustreer moet word. Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie eienskappe in 'n DAADSAAK omskep moet word, dat die ontvanger daarvan sy of haar wil moet kruisig onder dié van God vóórdat ons kan aanspraak maak op die ontvangs van die Heilige Gees.

### **5.5.15 Wat is die grootste misdaad en sonde wat nie vergewe kan word nie?**

Om te sondig teen die Heilige Gees. Dit kan nie vergewe word nie, nie in hierdie lewe of in die toekomstige lewe nie. Matthéüs 12:31, Markus 3:28-29, Lukas 12:10.

## **5.6 GEBED EN SEËNING**

Die Aäron Seëning – Numeri 6

“Die HERE sal jou SEËN en jou BEHOED; die HERE sal Sy AANGESIG oor jou laat SKYN en jou GENADIG wees; die HERE sal Sy AANGESIG oor jou VERHEF en aan jou VREDE gee. Amen.” Dit is belangrik vir die Konfirmant om ook die Seëning te ken vir vanselfsprekende redes. Hierdie Seëning word vernaamlik by oggend- en aandgebede ingesluit.

The word “Amen” as by Websters: means – “Amen”... a term occurring at the end of a prayer,... and meaning... “So be it!”... In the New Testament it is used as a “noun”... to denote Christ as being One who is True and Faithful,... and as an “adjective”... to signify,... “make true”,... verified,... fulfilled.”

Die beste Afrikaanse woordeboek (om aan te skaf): Die HAT – Word die woord as volg omskryf: Laat (mag) dit so wees as slotwoord van `n gebed. (Gramaties) `n “selfstandige naamwoord”.

“Amen” sê van die begin tot einde...“byvoeglike naamwoord”...klaar afgehandel...Sy word is “ja en amen”. By ons Oggend- en Aandgebed voor die Amen uitgespreek word, met gevoude Hande en Geboë hoof op ons knieë, deur die vaderlike figuur van die huishouding, wat dan ook oor die volk sal wees en die Huishouding.

## **DEEL SES**

### **6. OORSIG VAN DIE VROEËRE APOSTOLIESE KERK, DIE DWALING EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE KERK TOT EN MET 1991**

- 6.1** In die jaar 1862, deur ene Geyer, 'n stigterslid van die Hersteld Apostoliese Kerk, is die Oudste Rosochasky van Konnigsberg tot Apostel verordineer en Opsier Schwartz van Hamburg het met sy gemeente gewilliglik onder hierdie apostel gedien.
- 6.2** Die Engelse apostels het egter nie vir Apostel Rosochasky as apostel erken nie en het deur die Hoof Opsier Rothe 'n versoek gerig dat Geyer en Opsier Schwartz sy inhuldiging as apostel moet teenstaan. Die laasgenoemde twee persone was egter vas oortuig dat die verordinerings van die Apostel Rosochasky 'n bevel was van God. Schwartz se antwoord aan Rothe was: "Ons sal nie hierdie daad as duiwels verklaar nie, want ons sal nie teen die Heilige Gees sondig nie."
- 6.3** Die Engelse Apostel Woodhouse het nie van hierdie pligsgetroue besluit van die twee broeders gehou nie, en hulle summier van hulle ampte onthef. Die betrokke twee manne het egter voortgegaan om in hulle ampte te werk. Schwartz het in die amp van Opsier aangebly onder die gemeente van "Honderd Getroues". Hy was oortuig daarvan dat Apostel Woodhouse nie in die ware gees van God gehandel het nie en dat hy slegs 'n menslike fout deur die Engelse apostel opponeer.

- 6.4** In die jaar 1863 het die gemeente van Opsier Schwartz hulle self afgeskei van die ander gemeentes in Engeland, die sogenaamde "Ou Orde", en hulleself die naam "Apostoliese Sending" gegee. In dieselfde jaar is die Priester Preuss as Apostel ingehuldig. Hy was gesetel in Hamburg en was verantwoordelik vir Noord en Sentraal Duitsland. In hierdie selfde jaar is die Opsier Schwartz na Pruise verplaas as Apostel. Hy is later na Holland beroep waar hy sendingwerk gaan doen het, en het hom daar gevestig.
- 6.5** Vanweë die onwrikbaarheid van die Apostels in Engeland, die afsterwe van die Apostels wat aanvanklik verordineer was, asook die feit dat hulle geglo het dat hulle ampte eenmalig was, kon daar na die dood van Apostel Woodhouse in 1901, nie verdere verordinerings van Apostels plaasvind nie en het die werksaamhede van die Katolieke Apostoliese gemeenskappe nie voortgegaan nie. Dit het inteendeel heeltemal tot 'n end gekom.
- 6.6** Die naam "Apostoliese Sending" van die "Nuwe Orde" is later verander na "Apostoliese Gemeenskap" en nog later na "Die Hersteld Apostoliese Gemeenskap". Die Here het al hoe meer Apostels aan die jong gemeente gegee, alhoewel die groei van die gemeente tot aan die einde van die 19de eeu maar baie gering was. Gedurende die 20ste eeu, het die Apostoliese Gemeenskap na heelwat vastelande uitgebrei, die ledetal het al hoe groter geword en die aantal Apostels het vermeerder. In die jaar 1897, met die ontstaan van die Nuwe Apostoliese Kerk, is die Apostel Krebs as leier ingehuldig. Na sy dood in 1905, het die Apostel Niehaus

(6.6 vervolg) sy pos oorgeneem en in die jaar 1930 het Apostel J.G. Bischoff die Stam-Apostel geword.

- 6.7** Die goeie ontwikkeling van die Apostoliese Gemeenskap het op die oppervlak voortgeduur. Pragtige kerke is gebou en die Nuwe Apostoliese Gemeenskap het ryk geword en 'n baie goeie reputasie wêreldwyd gekry. Daar is egter ernstige foute begaan en baie wanbegrippe verkondig. Die Stam-Apostel Bischoff van Frankfurt het in sy latere werksaamhede voorgegee dat hy die enigste gesant van God was en dat hy alleen outoriteit gehad het op prediking. Die ander apostels was veronderstel om slegs sy assistente te wees. In Johannes 15:5 lees ons: "Ek is die wynstok en julle die lote." Bischoff het egter verkondig dat hy die wynstok was en die ander apostels die lote. Sonder om die ander apostels te raadpleeg het Bischoff op 81-jarige leeftyd, in die jaar 1951, die skokkende aankondiging gedoen dat hy nie sou sterf nie, maar dat Jesus nog in sy leeftyd sou kom om Sy bruid te kom haal.
- 6.8** Hy het verder al die Apostels en die besturende broeders versoek om sy boodskap onder die gemeentes te verkondig. Hierdie boodskap het 'n leerstelling geword. In sy preke en publikasies, wat hyself gedruk het, het Bischoff volgehou dat ten einde deel te hê aan die eerste opstanding, dit noodsaaklik was om aan sy boodskap te glo, want sonder hom sal dit nie moontlik wees vir enige lewende of gestorwe persoon om deel te hê aan die eerste opstanding nie. Hy het selfs so ver gegaan as (6.8 vervolg) om te sê dat mense ook nie in die hemel kan ingaan sonder hom nie. Verder het hy dit begin verkondig dat dit onmoontlik sou wees om hemel toe te gaan, as jy nie in sy boodskap geglo het nie.

- 6.9** In woord en in geskrifte, was alle lede aangeraai om nie `n besturende broeder, wat nie aan sy boodskap geglo het en dit nie verkondig het nie, te volg nie!
- 6.10** Baie apostels, administrateurs, broeders en lidmate was in `n ernstige verleentheid geplaas. `n Aantal van hulle het hulle ernstige kommer na Bischoff gebring. Hulle het hom gewaarsku oor die gevolge as hy sou sterf en die boodskap nie bewaarheid word nie. Hulle het aan hom gesê dat hulle nie sy boodskap kon verkondig nie, aangesien dit in teenstelling is met die Heilige Skrif! Hulle het verwys na Markus 13:32 "Maar van daardie dag en die uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader." Die gevolg hiervan was dat Bischoff sommige van die apostels van hulle pligte onthef het, hulle uit die Nuwe Apostoliese Administrasie uitgesluit het, en die kerkgronde verbied het.
- 6.11** Diep onder die indruk dat hulle God moet gehoorsaam en nie die mens nie, dat hulle getrou moet bly aan die leer van die Christus en hulle pligte, het hierdie apostels hulself verbind aan ander lede van `n Apostoliese eenheid of gemeenskap".
- 6.12** Die weg was nou gebaan en in die jaar 1956 word die Apostoliese Eenheid van Apostoliese gemeenskappe gestig. In die eerste plek het hierdie (6.12 vervolg) gebeurtenis plaasgevind in samewerking met die gemeenskap in Australië onder die sorg van die Apostel Niemeyer in die jaar 1911. Die nuwe gemeenskap het met die Apostoliese Kerk in Dusseldorf saamgesmelt (geamalgameer). `n Ander Apostoliese gemeenskap, geleë in Saxon-Thuringa, gestig onder die leierskap van

die Apostels Bruckner en Ecke in die jaar 1921, het ook by die gemeenskap in Dusseldorf aangesluit.

**6.13** Vry van misverstande en menslike inhibisies of aspirasies, het hierdie nuwe gemeenskap die ideale omstandighede gebied vir die broederlike verstandhoudinge. Deur die wederkerige pogings van al die betrokkenes is daarin geslaag om intern, en ekstern, 'n gemeenskap op te bou wat in die ware sin van die woord aan die leer van Christus voldoen.

**6.14** Die Apostels wat nou aangewys is, was Apostels van die Nuwe Apostoliese Kerk en is verordineer deur Bischoff. Hulle was:

Apostel:

- Pieter Kuhlen Wes-Duitsland 1935
- Ernst Guttinger Switserland 1923
- Max Ecke Oos-Duitsland 1911
- Max Muller Oos-Duitsland
- Otto Guttinger Switserland 1941
- Gerrit Kamphuis Nederland 1948
- Siegfried Dehmel Overhausen, Rynland 1948
- Philippus J Erasmus Johannesburg 1952
- Daniel Carel Smuts Malan Kaapstad 1949
- Ernst Hendrik Dunkman Duisburg, Rynland 1953  
(6.14 vervolg)
- H.J. Smit Holland
- Erwin Osterman (nie op foto nie)

**6.15** Hierdie Apostels moet dus onthou word as die Apostels van die Hervorming tydens die 20ste eeu.

**6.16** Op die 6de Julie 1960 is die stam-apostel Bischoff oorlede.

Op die 10de Julie 1960 is 'n omsendbrief in die preke van die Nuwe Apostoliese Kerke voorgelees waarin die apostels van daardie kerk volgehou het dat die belofte

(6.16 vervolg) van God volbring is, dat Bischoff nie verkeerd was nie, maar dat Jesus van gedagte verander het. In plaas van berou te toon en die fout te herstel, het die apostels van die Nuwe Apostoliese Kerk voortgegaan in hulle valse prediking en die nuut aangestelde stam-apostel Walter Schmidt het van die begin af in sy nuwe hoedanigheid 'n negatiewe houding jeens die verbanne apostels ingeneem. Hierdie toestand het 'n hereniging met die Nuwe Apostoliese Kerk onmoontlik gemaak aangesien die menslike houding en valsheid nog nie uit die weg geruim was nie. Bischoff het die stelling gemaak, ook op skrif, dat hy die laaste stam-apostel sou wees. Sedertdien is daar egter verskeie "Stam-Apostels" aangewys.

**6.17** Die Apostels van "Die Apostoliese Kerk (Apostel Eenheid)", het in samewerking met hulle broeders en susters alle pogings aangewend om die weg te baan vir waarheid-soekende mense. Baie siele het erken dat "Die Apostoliese Kerk (Apostel Eenheid), die enigste ware kerk is wat op grond van die leer van Christus die toekoms ingaan



## **DEEL SEWE**

### **7. KONFIRMASIE**

#### **7.1 Wat is die konfirmasie?**

Konfirmasie is 'n plegtige, persoonlike verbond met God ná die doop en die verseëling plaasgevind het.

#### **7.2 Waarom word die persoonlike verbond met God hernu?**

Omdat die jong Christene vir wie die verbond in hulle jeug deur hul ouers gesluit was en wat nou die regte ouderdom bereik het, die verantwoordelikheid om hul lewens aan God te wy op hulle self kan neem.

#### **7.3 Watter voorvereistes word gestel om gekonfirmeer te word?**

Die primêre oorweging is dat die kandidaat wat bevestig moet word, vertrou moet wees met die Apostelleer en die belangrikheid van die Heilige Verbond.

#### **7.4 Wat is nog nodig vir konfirmasie?**

Die geloof in die bestaan van God en die genade van die Heilige sakramente: Maar bowenal word van die kandidaat verwag om bewus te wees van die feit dat hy nou 'n stadium betree van eie verantwoordelikheid teenoor die drie-enige God wat hom die genade van die verbond skenk.

## **7.5 Wat is die basiese belofte van konfirmasie?**

Ek versaak die duiwel en sy werke. Ek wy my aan u Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, met die vaste voorneme om te volhard by die onderwys van die Apostels, die gemeenskap, in die breking van brood en in die gebede. Getrou tot die einde, met die hulp van God.

### **GELOFSBELYDENIS**

## **7.6 Wat is die Apostoliese Geloofsbelydenis?**

### **7.6.1 EERSTE ARTIKEL VAN GELOOF**

Ek glo in een God, die Almagtige Vader, die Skepper van Hemel en aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge. En in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle eeue. God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader, deur wie alle dinge gemaak is. Wat ter wille van ons mense, en ons saligheid neergekom het uit die hemel en vlees geword het deur die Heilige Gees uit die Maagd Maria, en 'n mens geword het. Ook vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is; en op die derde dag opgestaan het volgens skrifte, en opgevaar het na die hemel; wat sit aan die regterhand van die Vader en weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die lewende en die dode, wie se ryk geen einde sal hê nie. En in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word, wat gespreek het deur die profete. En een, Heilige, algemene en Apostoliese Kerk. Ek bely een Doop tot vergifnis van die sonde en ek verwag die opstanding van die dode, en die lewe van die toekomstige eeu. Amen.

## **7.6.2 TWEDE ARTIKEL VAN GELOOF**

Ek glo dat Jesus Sy gemeente regeer deur Apostels en dat Hy Sy Apostels gestuur het, en nog sal stuur, net soos die Vader Hom gestuur het. Sy Apostels sal in Sy Naam en op Sy bevel Sy woord verkondig en in Sy Gees alle mense doop.

## **7.6.3 DERDE ARTIKEL VAN GELOOF**

Ek glo dat alle ampte in die gemeente van Christus gereël en bepaal word deur lewende Apostels.

## **7.6.4 VIERDE ARTIKEL VAN GELOOF**

Ek glo dat die Heilige Doop deur water deel is van die wedergeboorte en dat die ontvanger deelname om die Heilige Gees te ontvang, verwerf; dat dit ook 'n verbond is van 'n goeie gewete met God.

## **7.6.5 VYFDE ARTIKEL VAN GELOOF**

Ek glo dat die Heilige Nagmaal deur Jesus daargestel is as simbool van Sy offerande, van Sy lyding en Dood. Dat die waardige deelname daarin die lewende gemeenskap met Christus waarborg en dat dit gevier word met ongesuurde brood en wyn wat deur 'n dienende Priester geheilig is.

### **7.6.6 SESDE ARTIKEL VAN GELOOF**

Ek glo dat die gedoopte gelowiges verseël moet word met die Heilige Gees deur die oplegging van die hande van 'n lewende Apostel, om die reg van die eersgeborene te ontvang; en dat deur die verseëling, die geestelike gawes wat ontvang is, openbaar sal word.

### **7.6.7 SEWENDE ARTIKEL VAN GELOOF**

Ek glo dat die Here Jesus terug sal keer so sekerlik as Hy na die Hemel opgevaar het en dat met Sy wederkoms in heerlijkheid die eersgeborene onder die lewende en die dode wat na Sy koms gehoop het, verander sal word om met Hom verenig te wees, en dat hierdie eersgeborene, met Hom as konings en priesters in die koninkryk van vrede sal heers vir 'n duisend jaar; dat Jesus Christus met Sy Heiliges vir die laaste oordeel sal verskyn aan die einde van tyd wanneer almal dié wat nog lewe, hul oordeel saam met die dooie wat nog oorbly sal ontvang, volgens wat hulle gedurende hul lewe in die liggaam gedoen het, is dit goed of sleg. I Thessalonicense 4:14-17, Openbaring 20:6 en 12-14.

=====

## **DEEL AGT**

### **8. DIE APOSTOLIESE CHRISTENE**

#### **8.1 Wat is die regte houding van 'n Apostoliese Christen?**

Hy sal die eersteling vir God wees. Openbaring 14:4.  
Sy gedagtes sal by Jesus Christus wees. Filippense 2:5.

#### **8.2 Wie is die eerste van God se eie mense?**

Die mees perfekte na God is Jesus.

#### **8.3 In watter spesifieke maniere is Jesus vir ons 'n voorbeeld?**

Hy was sagmoedig en nederig van hart. Matthéüs 11:29.

#### **8.4 Wat word verstaan as ons sê: "God se eie mense"?**

Hulle is die mense wat die Heilige Gees ontvang het en wat ten volle bewus is van Sy genade en dus 'n nuwe natuur bekom deur die krag van die Heilige Gees indien hulle die wil van God uitleef.

#### **8.5 Wat is die essensiële benodighede in die lewe van 'n Apostoliese Christen om die geloof aan te neem?**

Gereelde kerkbesoek, intieme gebedslewe en 'n Godsdienstige lewenswyse.

## **8.6 Waaron hou die Apostoliese Christen daarvan om gereeld kerkdienste by te woon?**

Omdat hy honger na die Woord van God wat deur die Apostels verkondig word.

## **8.7 Wat verstaan ons onder "die woord van gebed"?**

Gebed is 'n dialoog tussen ons siel en God.

## **8.8 Waaron kan en moet ons tot God bid?**

Om ons dankbaarheid aan God te betuig; om te aanbid en eerbetoon te bewys vir al ons seënlinge. Verder om met God die Vader te verenig in volle vertroue in al ons verskillende begeertes en versoeke tydens enige situasie in ons lewe. Ons moet bid in liefde vir andere, bid vir tussenkoms tussen al Sy dienare en mense.

## **8.9 Wanneer moet ons bid?**

Aan die begin en einde van elke dag. Voor elke maaltyd moet ons bid om dankie te sê en te pleit vir seënlinge. Ons moet ter enige geleë tyd bid as ons siel daarna hunker.

### **8.10 Wat word die besondere Gebed genoem wat Jesus Sy dissipels geleer het?**

Die "Onse Vader".

### **8.11 Hoe lui die Onse Vader?**

"Onse Vader wat in die hemele is, laat U naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen." Matthéüs 6:9-13.

### **8.12 Watter voorwaardes word daar aan 'n Apostoliese Christen gestel?**

Hy moet sy geloof deur daade bewys; as draer van die Heilige Gees. Hy moet dienooreenkomstig optree in sy huis en elders; Hy moet sy beherende broeders en susters liefhê en respekteer; Hy moet geduld toon vir die swakhede van sy medemens; en God en Sy kerk te alle tye eer.

### **8.13 Wat is ons verpligtinge teenoor die kerk?**

- a) Om te alle tye getrou te wees;
  - b) Om die naam van die kerk te respekteer;
  - c) Om die ampsdraers van die kerk te respekteer;
  - d) Om 'n lojale lid van die kerk te wees.
- Sou ons begeer om 'n amp te dra en God trek my en gee my die genade daartoe. Ek sal my (8.13

- vervolg) toekoms bespreek met my Priester en Hy sal die saak verder opneem.
- e) Om offergawes te bring aan God en daardeur die kerk te ondersteun en verseker dat die kerk sal groei.  
Hoeveel moet ek offer? Lees Maléagi 3:10.
  - f) Om te alle tye my geloof te verdedig.
  - g) Om te alle tye te onthou, waar ek ook gaan of is, dat ek aan die Bruid van God behoort en myself dienoooreenkomstig gedra.

### **8.14 Volgens die Heilige Skrif, wat kan ons in die toekoms en die ewigheid verwag?**

Die wederkoms van Christus; die wederopstanding, die gedaanteverwisseling van God se eie mense; die opbou van 'n koninkryk van God op aarde of die duur van duisend jaar van vrede; die wederopstanding van al die mense vir die laaste oordeel; die ewige koninkryk van glorie.

### **8.15 Wat is die definisie van die 4R-Embleem?**

REG, REIN, REGVERDIG, RYK.

Ons is REG volgens die Heilige Skrif.

Ons is REIN, soos die Bruid, om gemeenskap te hê met Christus die Koning van Konings.

Ons word REGVERDIG in die deelname van die liggaam en bloed van Christus.

Ons is RYK in die belofte wat Christus aan Sy Apostels gegee het, en almal wat deur die Apostel Woord Hom glo.

=====



## **DEEL NEGE**

### **9. DIE BYBEL OF DIE HEILIGE SKRIF**

#### **9.1 Wat beteken die woord "Bybel"?**

Bybel beteken – Boek van Boeke.

#### **9.2 Waarom word die Bybel ook die Heilige Skrif genoem?**

Omdat dit die mees belangrikste daed bevat soos geen ander boek wat ooit geskryf is nie; daarom is dit 'n heilige, hoog verhewe boek.

#### **9.3 Is al die geskrifte, soos vervat in die Bybel, in die ou tyd deur daardie mense geskryf?**

Nee, maar ons glo dat deur die voorsienigheid van God, alles wat saamgestel en geskryf is, noodsaaklik is vir die redding van ons siel. II Timothéüs 3:16.

#### **9.4 Is al die woorde en daede van God en Jesus van die ou tye te boek gestel in die Bybel?**

Nee.

#### **9.5 Van watter betekenis is die Bybel vir ons?**

Dit is 'n duidelike getuienis van die woorde en daede van God en Jesus. Dit bevat God se plan vir ons verlossing. Dit is onderworpe aan God se belofte vir ons Hoop.

## **9.6 Wat het Jesus gesê aangaande die geskrifte van die Ou Testament?**

“Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig.” Johannes 5:39

## **9.7 Het Jesus ook geskrifte nagelaat?**

Nee. Sy werksaamhede op aarde is hoofsaaklik opgeteken in die vier Evangelies en na Sy opstanding is die betekenisvolle Openbaring vir die toekoms van Sy kerk neergelê deur die Apostel Johannes.

## **9.8 Watter voorwaardes is waardevol met die lees van die Bybel?**

’n Oop gemoed en ’n hart vol begeerte vir die lig van God.

## **9.9 Kan al die mense die Bybel verstaan?**

Nee; want God se geheimenisse is groot en veelvuldig. Deur die selfvoldaanheid van die mens aangaande die waarhede van God en die Bybel, het baie breuke in die Christelike wêreld plaasgeving. Matthéüs 22:29, Johannes 20:9.

## **9.10 Waarom kan hoofsaaklik die Apostel en die beherende broeders die Bybel uitlê?**

Omdat hulle dienare van God is en bedieners van die verborgenhede van God. Matthéüs 13:11; Lukas 8:10; I Korinthiërs 4:1 en II Korinthiërs 3.

### **9.11 Waar en wanneer moet die Bybel gelees word?**

- a) Tydens kerkdienste;
- b) In die familiekring; die vader of sy verteenwoordiger moet elke keer 'n versie lees saam met die oggend en aand-gebed;
- c) By elke moontlike geleentheid wat 'n mens het in goeie en slegte dae.

### **9.12 Uit watter twee hoofde bestaan die Bybel?**

Uit die Ou en Nuwe Testament.

### **9.13 Uit watter dele, getalle en volgorde bestaan die boeke van die Ou Testament?**

- a) 17 Historiese boeke;
  - b) 5 Teksboeke;
  - c) 17 Profetiese boeke;
  - d) 14 Apokriewe boeke.
- 
- a) Die 17 Historiese boeke is: 5 Boeke van Moses, boek van Josua, Rigters, Rut, 2 boeke van Samuel, 2 boeke van Konings, 2 boeke van Kronieke, Esra, Nehemia, Ester.
  - b) Die 5 Teksboeke is: Job, Psalms, Spreuke van Salomo, Prediker, Hooglied van Salomo.
  - c) Die 17 Profetiese boeke is: Jesaja, Jeremia, Klaagliedere van Jeremia, Eségiël, Daniël, Hosea, Joél, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria, Maléagi.

(9.13 vervolg)

- d) Die 14 Apokriewe boeke (Engelse vertaling) is:
1. Esdras (first)
  2. Esdras (second)
  3. Tobit
  4. Judith
  5. Esther
  6. The Wisdom of Solomon
  7. Ecclesiasticus
  8. Baruch
  9. A letter of Jeremiah
  10. The songs of the tree
  11. Daniel and Susanna
  12. Daniel, Bel and the snake
  13. The prayer of Manasseh
  14. Maccabees (first)
  15. Maccabees (second)

**9.14 Uit watter dele, getalle en volgorde bestaan die boeke van die Nuwe Testament?**

- a) 5 Historiese boeke;
- b) 21 Teksboeke
- c) 1 Profetiese boek.
- 
- a) Die Evangelie volgens Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes en die Handeling van die Apostels.
- b) Briewe:  
Een brief van die Apostel Paulus aan die Romeine;  
Twee briewe van die Apostel Paulus aan die Korinthiërs;

(9.13 vervolg) Een brief van Apostel Paulus aan die Galásiërs;

Een brief van Apostel Paulus aan die Efésiërs;  
Een brief van Apostel Paulus aan die Filippense;  
Een brief van Apostel Paulus aan die Kolossense;  
Twee briewe van Apostel Paulus aan die Thessalonicense;  
Twee briewe van Apostel Paulus aan Timótheüs;  
Een brief van Apostel Paulus aan Titus;  
Een brief van Apostel Paulus aan Filémon;  
Twee briewe van Apostel Petrus;  
Drie briewe van Apostel Johannes;  
Een brief van Apostel Paulus aan die Hebreërs;  
Een brief van Apostel Jakobus;  
Een brief van Judas.

c) Die Openbaring van Johannes.

## **WISKUNDE IN DIE BYBEL**

### **MATES IN VOLUME UIT DIE BYBEL, WAT U DIKWELS SAL LEES**

**Hierdie formules is naastenby en nie presies nie.**

1 Log = 7 eighth of a pint (Lev. 14:10 & 21)

1 Cab = 4 Logs = 3½ pints (II Kings 5:25)

1 Hin = 3 Cabs = 1½ gallons (Exo. 29:40)

1 Omer = 1½ Cabs = 6 pints (Exo. 16:36, Lev. 5:11. 14:10)

1 Seah = 3½ Omers = 2 Hins = 2 and two third gallons

1 Ephah or Bath = 3 Seahs = 8 gallons (Isi.5:10; Eze. 45:11)

1 Lethec = 5 Ephahs = 40 gallons

1 Homer = 10 Ephahs = 80 gallons (Isi. 5:10; Eze. 45:14)

### **MATES VAN LENGTE**

The Royal System measures one and 4,25ths for every one unit of any COMMON SYSTEM. We give approximate measures of the COMMON SYSTEM.

1 digit or finger breadth = 1 inch

1 palm = 4 digits = 3 inches (Exo. 25:25; Psalm 39:5)

1 span = 3 palms = 9 inches (Exo. 28:16; I Sam. 17:4)

1 cubit = 2 spans = 1½ feet (Gen. 6:15; Deut. 3:11)

1 reed = 6 cubits = 9 feet

The following were the measure prevalent in the Greek and Roman periods

1 Roman foot = 11.65 inches

1 Roman passus = 4 feet 10¼ inches

1 Roman mile = 0.92 English miles or 1615 yards (meters)

1 Greek foot = 12,135 inches

1 Greek fathom = 6 feet 1 inch (Acts 27:28)

1 Greek furlong = 202 yards (Luke 24:13; John 11:18)

1 Persian = Parasang = 3½ miles (approximately)

Ek glo u sal hierdie inligting baie interessant vind en die kinders bystaan met hulle wiskunde.

=====oOo=====

## **ADDENDUM 1 – ONS MIDDELAAR**

### **1. Wie is ons Middelaar?**

Op Kersdag is 'n Middelaar vir ons gebore. Wie is Hy, wat is Sy geheim en hoe kom ons by Hom uit? Hierdie is vrae wat ons vir onself moet beantwoord nadat ons besin het oor die geboorte, die lewe en die opstanding van die Here Jesus.

Vir die ware Apostolie moet dit nie langer 'n geheim wees om die Here te ken nie. Hy of sy behoort die weg te ken en dit ook te kan verduidelik. Hierdie geskryffie is bedoel om vir elkeen wat dit lees, te dien as 'n prikkel om weereens oor die grootheid en almag van die Here onse God te kan dink en dit opnuut vir hom- of haarself te beleef.

#### **1.1 Die lewe van Jesus kan nie opgesom word nie**

Om 'n volledige uiteensetting van die lewe van die Here Jesus te gee soos dit uit die verhale en gebeure in die Skrif vir ons vertel word, is onmoontlik. Ons kan hoogstens 'n algemene oorsig daarvan gee. Jesus Christus is immers die Seun van God én tegelykertyd ook die Seun van die mens, die wonder van alle wonders. Net hieruit alleen kom daar al klaar heelwat na vore vir die wat dit wil sien en verstaan

#### **1.2 Sy geboorte is reeds in die Ou Testament voorspel**

Die geboorte van die Messias word reeds in die Ou Testament voorspel in onder andere Jesaja 7:14,11:1 en Miga 5:1. Ander profesieë wat nog duideliker is, word gegee kort voor Sy geboorte in Matthéüs 1:20, 21; Lukas 1:31.

### **1.3 Sy geboorte**

Hy is Ontvang van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria, word die Seun van God genoem en, omdat Hy self sonder sonde was, kan Hy ons van die sonde verlos.

### **1.4 Hy is nie 'n gewone kind nie**

Reeds by die geboorte van die kindjie Jesus kom die besondere karakter wat so kenmerkend van Sy werk was, na vore. Die volgende is maar net 'n paar van die feite of leidrade wat daarop dui:

- a) Hy moes in Betlehem, die stad van Dawid gebore word. Dat dit gebeur, is te danke aan 'n bestiering van God wat dit so bewerkstellig dat Keiser Augustus juis op daardie tydstip 'n volkstelling laat uitskryf het – ook in daardie gebied wat nie direk deur die Romeine nie, maar deur Herodus bestuur is.
- b) Jesus se koms in die vlees word deur engele aangekondig wat God verheerlik.
- c) Met die voorstelling in die tempel sing Simeon tot Sy leer.



(1.4 vervolg)

- d) Die wyse manne uit die Ooste kom om Hom hulde te bewys.

Uit dit alles blyk dit dat hier nie 'n gewone kind gebore is nie, maar dat die Seun van God 'n menslike natuur aangeneem het. Menslik in die sin dat Hy in dieselfde omstandighede aan dieselfde versoekinge en beperkinge onderworpe was. Hy kon immers nie self besluit wat Hy wou doen nie, dan sou Hy direk teen die Wil van God gaan. Verder het Hy gevoelens gehad soos mense, was aan die elemente blootgestel soos 'n mens en het dus koud gekry, honger en dors geword, moeg geword en het seker ook die ander normale menslike emosies gehad – Hy was immers volgens die Skrif 'n mens in die ware sin van die woord.

**1.4 Hy roem nie op Sy geboortereg nie – is nie hoogmoedig nie!**

Dit is opvallend dat Jesus nooit self 'n beroep gedoen het op Sy wonderbaarlike geboorte nie. Enige mens vandag sou maklik terug verwys na so iets om daarmee te kenne te gee dat hy iets spesiaals is met spesiale voorregte, kennis en magte. Ons wil vandag tog so graag getel wees onder die belangrike en sogenaamd vooraanstaande mense – dink net watter gerieflike en treffende verwysing sou dit kon wees. Tog doen die Here Jesus dit nie!

Ook die Apostels praat min daarvan. Dit moet te wyte wees aan die feit dat Jesus se prediking Sy verheerliking as tema het – Jesus het opgestaan! Hiermee het Hy die grootste vrees van elke mense oorwin – die dood!

## 2. SY OPSTANDING IN SY BOODSKAP

Vloeiende uit die opstanding, gaan die prediking oor die wonder van Sy koms in die vlees. Eers waar die heerlijkheid van Sy opstanding in die geloof aanvaar word, kan die wonder van Sy geboorte gepredik word. Want dan eers word besef hoe belangrik Sy geboorte is. Dit word belangrik, aangesien dit die begin is van die lewe waarmee Jesus vir ons die voorbeeld gestel het om die Koninkryk van God te kan beërwe.

## 3. HOE WAS SY JONGDAE?

Van Jesus as jong kind weet ons min. Net die verhaal van die 12-jarige jongeling wat in die tempel optree, word vir ons in Lukas 2:41-51 vertel. Hierdeur word vir ons geopenbaar dat Hy ook in Sy jongelingsjare die waaragtige Messias was, die Seun van God en die Seun van die mens. Dit is verder vir ons belangrik omdat dit aantoon dat Hy (volgens Lukas 2:52) die gewone menslike ontwikkeling deurgemaak het. Dit wys ook vir ons dat selfs kinders op 'n vroeë ouderdom met doelgerigtheid en deursettingsvermoë 'n besluit kan neem om God te dien in gees en in waarheid.

## 4. DIE BEGIN VAN SY VERLOSSINGSWERK

Die doop van Jesus in die Jordaan en Sy versoeking in die woestyn gaan Sy openbare optredes vooraf. Hy moes gedoop word om alle geregtigheid te vervul (Matthéüs 3:15), want Hy moes ook in hierdie opsig aan die mens gelyk word (Hebreërs 4:15). Die rede is dat die doop 'n veel dieper betekenis as slegs 'n tradisionele een het. Dit gaan nie net daarvoor om gedoop te word omdat dit die gebruik is nie;

(4 vervolg) die doop is die begin van veel groter en belangriker sake in ons geestelike lewe. Want die doop is 'n Heilige Sakrament en moet as een van die drie Sakramente heilig gehou word.

## **5. SY DOOP EN VERSEËLING**

By Sy doop het die Heilige Gees in 'n liggaamlike gedaante soos 'n duif op Jesus neergedaal toe God self Hom verseël het met die woorde: "Dit is My Seun in wie Ek 'n welbehaehet!" Dit was Sy bekwaammaking en aanstelling tot die openbare vervulling van die Middelaarstaak. Die stem van God het weer tydens Sy verheerliking op die berg tot die Apostels gespreek toe Hy gesê het: "Dit is My Seun in wie Ek 'n welbehae het, Hoor Hom!" Hiermee word die Woord van God dan finaal in die vlees van die Seun opgeneem en aan Hom ALLE mag gegee om die wil van God aan die mens oor te dra. Hy word die gevolmagtigde boodskapper en Middelaar wat voortaan nodig sou wees om tot God die Vader te kan kom!!! Hiermee word ook 'n aanduiding gegee van hoe die Heilige Gees later in die Sending van die Heiland deur die handoplegging van Sy Apostels (vlees) bedien sou word.

### **5.1 Die krag van die Doop**

Op die doop het die versoeking in die woestyn gevolg, wat moes toon wat die doop beteken het – Adam het onder gunstige omstandighede voor die versoeking geswig, Jesus het in die allermoeilikste omstandighede bly staan en getrou gebly aan God. Die belangrike woorde hier is doop en verseël. Die doop

(5.1 vervolg) laat ons deurdrenk en vol van die belofte van God dat ons deelgenote en erfgename van Sy koninkryk kan word AS ONS WIL. Met die verseëling word ons bekwaam gemaak, as't ware gemerk as die eiendom van God. Ons onderwerping van ons eie wil aan God se wil word bevestig in Sy Naam, ons word in Sy huishouding opgeneem – ja, dit word bevestig dat ons voortaan seuns en dogters van die lewende God is! Dit het ongelukkig die nadeel dat die Satan ons nou makliker kan uitken – maar vir die ware kind van God is dit nie 'n probleem nie! Jesus het immers reedsin die bergpredikasie die versekering gegee dat ons metenige problem na Hom toe kan kom.

## **6. SATAN SE VERSOEKING VAN JESUS**

God die Regverdige het tog sekerlik vir Jesus 'n bepaalde beloning in gedagte gehad vir wanneer Hy Sy werk op die aarde voltooi het. Toe die Satan Jesus wou verlei om te gryp na hierdie beloning wat Hy alleen langs die weg van lyding en die dood sou verkry, het Hy die Satan afgewys. Hy het die volle gewig van die versoeking gedra en oorwin. Jesus het hiermee ook vir ons gewys dat die koninkryk van God, ons erfdeel, VERDIEN moet word – ons moet toon dat ons dit waardig is deur standvastigheid en geloof in die genade en geregtigheid van God ons Vader.

## **7. SY OPTREDE KAN IN TWEE GEDEEL WORD**

Die optrede van Jesus op die aarde val duidelik in twee tydperke uiteen, nl. die onder die mense in die algemeen, en die onder Sy Apostels.

## 7.1 Die eerste gedeelte

Gedurende die eerste tydperk het Hy in Judea en in Galilea die mense geleer en onderrig. Jesus het tekens en wonders gedoen wat Sy mag bekend moes maak en die mense tot geloof moes beweeg. (Johannes 4:48) Die wonders van genesing was afbeeldinge van Sy geestelike werk, en moes die mense help om hierdie geestelike werk beter te verstaan (Matthéüs 8:17). Die uitwerping van die duiwels het van Jesus se oorwinning oor Satan getuig. In Sy prediking het Jesus nie van Homself nie, maar van die Koninkryk van God gepredik. Hy het God se koningsheerskappy weer opgerig wat deur die mense vertrap was, en geleer dat daar 'n evangelie in die koninkryk was, d.w.s. dat Hy die lewe bring aan almal wat die prediking aanvaar. Die merkwaardigste gedeelte in hierdie tydperk was die BERGPREDIKASIE. In die bergpredikasie stel Jesus die mense voor ontsaglike eise en wil Hy aan die mense toon dat hulle hul toevlug tot Hom kan neem. Dit is kenmerkend van die tydperk dat Jesus met die mense in gelykenisse praat. Hy gebruik hierdie gelykenisse omdat mense nie die gewone prediking verstaan soos dit moet nie en waarmee Hy ook die besondere ontwikkeling van die koninkryk van die hemele skets. Mense praat vandag nog nie reguit met mekaar nie – ons gebruik allerhande voorbeelde (gelykenisse) sodat ons nie te veel blootgestel word aan die kritiek, oordeel of gramskap van ons medemense nie. Dink maar net hoe dikwels hoor u die woorde, “ek het dit nie so bedoel nie, jy verstaan my verkeerd” en “dit is 'n misverstand”.

## 7.2 Die mense sien net die MENS, nie die Geestelike nie!

Dit wou lyk asof die werk van Jesus met groot welslae bekroon is. Skares mense het Hom gevolg. Tog het daar toe al verset van die kant van die leiers van die volk gekom wat dit nie kon verdra dat Jesus die plek inneem wat hulle tot dusver ingeneem het nie. Die verset is bv. geopenbaar in verband met Jesus se prediking oor die Sabbat, waardeur Hy die opvattinge van die Fariseërs bestry het en die ware, geestelike betekenis van die gebod van God uiteengesit en in die praktyk toegepas het. Dink maar aan die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

## 7.3 Hulle Glo Hom nie!

Spoedig het dit geblyk dat die skares Jesus nie in die geloof aanvaar het nie. In ander woorde kan ons sê dat hulle Hom nie geglo het nie! Hulle het na Hom gekom om van die brode te eet, om hulle siekes te laat genees, ook om Sy aangename woorde te hoor, NIE om hulle in die geloof aan Hom te onderwerp nie. Dit het tot die krisis gelei – toe die volk bemerk dat Jesus nie 'n koning volgens hulle idees wou wees nie, 'n vors wat hulle van die Romeine sou verlos en tydelike weldade aan hulle sou skenk, het hulle hul van Hom afgekeer en uiteindelik teen Hom kant gekies. Weereens het die mens getoon dat die onmiddellike, die hiér en nou, die materiële en sienlike, of dan die stoflike dinge, vir hulle belangriker was! Is dit nie maar soos ons ook is nie? Wil ons nie ook maar net ons sin kry nie; is ons gewoonlik kwaad en ons wys dit gewoonlik deur

(7.3 vervolg) onself uit te spreek teen iemand in die kerk of deur nie kerk toe te gaan nie! Op hierdie wyse kies ons dan vandag nog kant teen die Here – en die kant wat ons kies? Ons eie!

## **8. DIE TWEDE GEDEELTE**

Hierna het die tweede tydperk gevolg. Jesus het Hom teruggetrek in die enge kring van Sy Apostels. Reeds aan die begin het Hy twaalf Apostels verkies wat getuienis kon wees van Sy werk, wat van Hom kon getuig en wat Sy werk kon voortsit. Van nou af het Jesus Hom bepaald gewys aan hulle opleiding, onderrig en vorming. Tot hiertoe het Hy nog nie openbaar gemaak dat Hy die Messias, die Seun van God was nie. Die mense kon dit nog nie dra nie. Dit het nou anders geword en Jesus het nou selfs 'n belydenis ontlok toe Hy vir Petrus gevra het: "Wie sê julle is Ek?" Namens al die Apostels het Petrus Hom as die Messias, die Seun van die lewende God, erken (Matthéüs 16:13-20).

Hierdie belydenis het daartoe gelei dat Jesus die kerk van die nuwe bedeling gestig het. Op die BELYDENDE Petrus het Hy 'n nuwe gemeente gebou, 'n gemeente wat afgeskei sou wees van die ongelowig-blywende Jodedom: Die ware Christelike Kerk. Die belangrike les wat ons hieruit leer is dat ons werklik die heerlijkheid, die genade en die middelaarskap van Jesus Christus moet BELY – ons MOET Hom kan SIEN in die dienaars EN medemense wat rondom ons in Sy kerk is.

## 8.1 Voorbereiding van die Apostels

Op allerhande maniere het Jesus die Apostels voorberei vir hulle latere taak en ook vir Sy komende kruisiging. Al het Jesus in hierdie tyd ook voor groterige gehore opgetree, het die verlossingsplan van God die Vader werklikheid geword toe Hy vir die laaste keer na Jerusalem gegaan het om daar te sterwe.

## 8.2 Lazarus word opgewek – nog verstaan die mens nie!

Naby Jerusalem het Jesus vir Lazarus opgewek. Dit was vir die Joodse owerhede die laaste strooi en wat hulle lankal reeds beplan het, sou hulle nou uitvoer: Jesus moes sterwe! Weereens faal die mense om te verstaan dat Jesus met hierdie daad bewys dat Hy mag het oor lewe en dood. Ongelukkig het die mense van daardie tyd, soos ons vandag, vasgekyk teen die onmiddellike omstandighede en die materiële!

## 9. JESUS IN JERUSALEM

Op kininklike wyse gaan Jesus Jerusalem binne en die skare juig Hom toe; hulle meen dat nou eintlik sal kom wat hulle reeds so lank verwag. Verdere aanstoot vir die Joodse leiers! Tog is dit asof hulle die ware aard van die toejuiging van hul volk insien. Daar is wel nog vrees vir die volk, maar dié sal hulle trotseer; en dankbaar gryp hulle die aanbod van Judas, een uit Jesus se eie kring, aan om Hom in hulle hande oor te lewer. Gebeur dit nie vandag nog net so maklik nie?



## **9.1 Laaste optredes**

Verdere openbare daade van Jesus volg nou, veral die reiniging van die tempel. Baie feesgangers moes hierdie daade gesien het, maar die Sanhedrin (Joodse volksvergadering wat regeer het), gaan voort en steur hom aan niks nie. In `n aantal gelykenisse skets Jesus die goddeloosheid van die regeerders en die ontrou van Israel. Ook berispe Hy die Fariseërs en die skrifgeleerdes in die openbaar. Uiteindelik verlaat Jesus die tempel, en spreek tot die apostels oor die einde van die Joodse volk en die einde van alle dinge.

## **9.2 Judas verlaat Hom finaal**

Die houding van Judas word nog al die tyd duideliker. Wanneer Jesus na die nodige voorbereidings die Paasfees met Sy dissipels vier, verlaat Judas die vertrek en kom nie weer in die kring van Jesus terug nie.

## **9.3 In Getsémané**

Uit die Paasvertrek gaan Jesus na Gesémané waar Hy Sy eensgesindheid en onderwerping aan die Wil van Sy Vader toon, ook wat Sy lyding en dood betref. In die tuin word Hy dan gevange geneem, voor die Joodse Raad gebring en uiteindelik ter dood veroordeel nadat Hy bely het op die beswering van Kájafas dat Hy die Seun van God is.

## **10. SY KRUISIGING – HY WORD GEBRANDMERK AS 'N OORTREDER!**

By die kruisiging van die Here Jesus hang Hy tussen twee rowers en word dus saam met die oortreders getel. Onderwyl Hy aan die kruis hang, spreek die Heiland tot sewe maal toe en daarin gee Hy verklaring van Sy lyding en dood;

- Ons weet nou dat Hy deur God verlaat was, dat Hy m.a.w. die volle smaad van die hel gedra het;
- Hy dink in liefde aan die wat Hom aan die kruis vasspyker;
- Aan die een rower wat langs Hom hang,
- Aan Maria;
- Hy gee in die ware sin van die woord Sy gees aan God – Sy dood is 'n daad, iets wat werklik gebeur het!

## **11. SY OPSTANDING**

Na drie dae staan die Heiland op. Vir Sy dissipels moes dit moeilik gewees het om te glo dat hulle Heiland werklik weer lewe. Onthou dat hulle mense was soos ons – wat sou ons vandag geglo het? Hoeveel keer is ons net so verslae wanneer dinge nie gaan soos ons dit graag wou hê of soos wat ons gedink het nie? Nadat Hy egter persoonlik aan hulle verskyn en hulle onderrig, buig hulle in geloof neer. Nooit sou hulle weer twyfel aan die heerlike feit van Sy opstanding nie.

## **12. SY FINALE WERK OP AARDE**

Nog veertig dae het Jesus op die aarde vertoef. Deur Sy vyande is Hy nie weer gesien nie, net deur die wat aan Hom behoort het. Hy het met hulle omgegaan sodat hulle sou weet dat Hy waarlik mens gebly het, dieselfde wat gely het (Johannes 20:21; Handeling 1:8). Hy bestry hulle dwaling (Handeling 1:6). Dan vaar Hy na die hemel op en die engele sê: "Hy sal weer kom net soos Hy opgevaar het." (Handeling 1:11).

## **13. SY OORWINNING SOOS IN DIE SKRIF WEERGEGEE**

In die Skrif, maar veral in die briewe van die Apostels word dikwels oor Jesus Christus geskrywe. Kortliks: die betekenis van die lyde en sterwe en ook die opstanding van Jesus Christus, en die belangrikste feit wat daaruit voortkom is die blye en opbouende boodskap dat Jesus diegene wat aan Hom behoort in Sy heerlijkheid laat deel, die grootheid van Jesus se oorwinning word aan ons verkondig, tot vandag toe!

## **14. SY OPSTANDING IS DIE POORT TOT BEGRIP VAN SY GEBOORTE**

Al wat nou oorbly is vir ons, om elkeen om op sy eie, 'n persoonlike verbond met Christus te sluit, Sy opstanding te erken en Hom daarvoor te loof en te dank!  
Hieronder kan die geboorte van Christus vir ons geen geestelike betekenis hê nie!!

=====

## **ADDEMDUM 2**

### **1. DIE APOSTOLIEKIND EN SY OUERS**

'n Apostoliekind leef anders teenoor sy ouers as die een wat nie 'n Apostolie is nie. Die rede hiervoor is vanselfsprekend. Die Apostoliekind het immers sy hart aan die Here gegee. Omdat hy homself aan die Here oorgegee het, leef hy soos die Here van hom verwag. Die kinders wat nog nie gekonfirmeer het nie, weet en besef dat hulle ouers nog die doopbelofte moet onderhou en is daarom gehoorsaam aan hulle ouers se wense. Hierdie artikel is gerig aan kinders en jongmense vir wie die lewe as 'n kind van die Here 'n ernstige saak is. Die ander kinders moet asseblief ook die tyd maak om hierdeur te lees sodat hulle ook kan sien watter wonderlike lewe 'n mens kan lei as 'n kind van die Here. Onthou dat om 'n kind van die Here te wees beteken nie dat ons geen vreugde of plesier kan ken of belewe nie, dit beteken slegs dat ons ons eie persoonlike waardes en voorkeure op 'n verantwoordelike wyse moet uitleef.

#### **1.1 'n Belofte**

Ek wil dit waag om aan jou 'n belofte te maak. As jy noukeurig en met aandag lees wat in hierdie artikel staan, en jy sou gewillig wees om te doen wat van die kind van God verwag word, sal jy 'n wonderlike verhouding met jou ouers hê.

Dat baie kinders spanning met hulle ouers belewe, hoef ons nie vir mekaar te sê nie. Vir baie is dit 'n ontsaglike probleem en hulle weet nie hoe om op te tree nie. Gelukkig is daar duidelike riglyne in die Bybel oor die verhouding van die kind met sy ouers.

## **1.2 `n Onweerlegbare feit**

Sonder twyfel is die twee belangrikste mense in elke kind se lewe, sy of haar ouers. Onderwysers speel `n baie belangrike rol in ons lewens en doen belangrike werk om elke kind op te voed en voor te berei vir sy toekoms. So ook die amptes, vriende en familie.

Geeneen van hierdie mense speel egter naastenby so `n belangrike rol soos ons ouers nie. Om hierdie rede is die verhouding wat ons met ons ouers het, so belangrik. As dinge hier skeef loop, loop dit skeef met `n groot saak in ons lewens.

`n Verdere belangrike feit om te onthou, is dat die rol wat ons ouers speel, nie ophou of minder belangrik raak wanneer ons sestien of sewentien jaar oud is, of die skool verlaat nie. Mense wat die grootmenspad al geloop het sal vir jou kan sê dat selfs tien en twintig jaar nadat hulle die skool verlaat het, hulle ouers nog steeds `n uiters belangrike rol in hulle lewens gespeel het. Hierdie artikel wil dus graag `n boodskap oordra aan die kind wat voel dat hy of sy nie hulle ouers verstaan nie, of dat hulle ouers hulle nie verstaan nie. Dit geld ook vir volwasse jongmense.

## **1.3 God se besondere raadsplan**

God is Almagtig. As Hy wou, kon Hy al die mense wat Hy op die aarde plaas, as grootmense geskep het. As klaar gevormde volwassenes kon Hy hulle soos Adam en Eva op die aarde laat woon het. In Sy raadsplan het Hy egter anders besluit. Hy het besluit om `n ouerpaar te skep en aan hulle kinders te gee. Hierdie kinders wat hulle ontvang, moes hulle nie net liggaamlik versorg nie,

maar hulle ook leer om tot volwassenheid te kom. Dit is wat ons die opvoedingstaak noem. Deur die opvoeding moes die kinders gevorm word tot die volwasse mense wat hulle uiteindelik moes wees.

ʼn Mens moet alles geleer word in sy lewe. Ons lewensinhoud word gevorm deur ons ouers, die amptes van die kerk en die vriende wat ons kies. Ons persoonlikheid en karakter moet grotendeels deur ons ouers gevorm word. Dit plaas uiteraard ʼn groot verantwoordelikheid op hulle. Dit bring egter ook vir die kind ʼn verantwoordelikheid mee. Waarom? Die antwoord is duidelik. As God bepaal het dat ouers kinders moet opvoed en hulle vir die lewe moet voorberei, veronderstel dit dat die kinders hulle ouers se opvoeding moet eerbiedig en hulle moet gehoorsaam. As hulle dit nie doen nie, werk hulle God se bedoeling met hulle teë. Onthou, die mens wat jy word, moet jy deur jou ouers se opvoeding word.

#### **1.4 Die leerproses van kinders**

As iemand vir ʼn kleuter ʼn bal sou gooi om te vang, sal hy dit moeilik regkry. Om te leer om ʼn bal te vang, neem vir ʼn klein kindjie ʼn lang tyd. Dit is eers hier by sewe, agt jaar dat ʼn kind genoeg oefening gekry het om dit redelik goed te kan doen.

Om die bal te vang, is dus oefening nodig. Ons kan dit ook ervaring noem. Dit neem nog langer en nog meer oefening om ʼn bal oor ʼn lang afstand te vang. Dit is tog ʼn betreklik eenvoudige aksie wat ons almal aangeleer het. Die punt is, as dit so lank neem om te leer om ʼn bal te vang, sal dit nog langer se leer en oefening en ervaring kos om die sake van die

(1.4 vervolg) grootmenslewe te leer. Om van 'n klein onervare kindjie tot 'n ryp en bekwame grootmens te kom, vra ook die leiding en onderrig van geoefende en ervare grootmense. Om dié rede het God vir elke kind twee ervare ouers gegee. Voordat ouers kindertjies gekry het om op te voed, het hulle ook eers moes oefen om kennis en insig op te doen. Met hierdie groot hoeveelheid ervaring en insig wat hulle opgedoen het, het God bedoel dat hulle die kinders moet lei en onderrig. Dit is om hierdie rede dat God kinders beveel dat hulle hul ouers moet gehoorsaam. Daarom staan daar in Efésiërs 6:1-3 geskrywe:

“Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.”

Jy wat die artikel nou lees, is miskien veertien of vyftien jaar oud, of miskien jonger of ouer. Wat jy moet verstaan is dat jy eers oor twintig of dertig jaar die kennis en insig sal hê wat jou ouers nou reeds het. Hulle het 'n ouderdomsvoor-sprong, en dit gee aan hulle 'n groot ervarings-voorsprong bo die kennis wat jy mag dink jy nou alreeds het. Wanneer jy eendag twintig of dertig jaar oud is, is jou ouers alweer twintig of dertig jaar ouer as jy. Hulle het dus alweer die geleentheid gehad om die lewe nog beter en dieper te leer ken. Hulle behou dus altyd hulle ervaringsvoorsprong. Dit is om hierdie rede dat die Bybel sê: “Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie.” (Spreek 23:22)

(1.4 vervolg) Job het gesê: "By die grysaards is wysheid, en in die lengte van dae is verstand." (Job 12:12). Uit wat ons sover al gesien het, glo ek dat jy die logika van God se opdrag aan kinders duidelik sal verstaan. As daar in die vyfde gebod geskrywe staan "Eer jou vader en jou moeder", beteken dit ook dat jy jou ouers sal respekteer en eer as God se belangrikste RAADGEWERS in jou lewe. Hulle is bedoel en geskep om jou te lei en te onderrig. Jy kan maar altyd weer en weer na hulle luister en vir hulle raad gaan vra.

## **1.5 Opvoeding en sonde**

Die opvoeding van kinders, is ongetwyfeld een van die belangrikste take wat ooit op die skouers van 'n mens gelê kan word. Dit gaan immers daarom dat die lewe van 'n kind vir sy hele toekoms gevorm moet word. Jy sal begryp dat dit geen geringe taak is nie.

Hierdie opvoedingstaak is nie net baie groot en baie belangrik nie, maar ook baie moeilik. Wat dit so in besonder moeilik maak, is die feit dat ons almal van nature verdorwe en sondig in die wêreld kom. Hierdie verdorwe natuur word gou duidelik wanneer 'n klein babatjie met sy klein humeurtjie kwaad kan skree en baklei. Dawid het reeds in Psalm 51:7 gesê: "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore en in sonde het my moeder my ontvang" (Ouers het dus die taak om "sondige" klein mensies te begelei tot volwasse "goeie" grootmense. In hierdie groot en moeilike taak kan kinders dit vir hulle ouers nog moeiliker maak, of hulle kan dit makliker maak. As die kind se houding die van koppige eiewil en weerstand is, word die opvoedingstaak 'n



(1.5 vervolg) onaangename saak. As die kinders egter doen wat die Here sê en hulle ouers eer, respekteer en gehoorsaam, word die opvoedingstaak `n vreugde.)

## **1.6 Waaron tug nodig is?**

Soms is dit nodig dat kinders getug sal moet word. As ouers sou sien dat hulle kinders verkeerd loop en hulle sou hulle maar net laat begaan om volgens hulle eie wil te handel, sou dit `n baie groot onreg aan die kinders wees. Ongelukkig laat sommige ouers dit toe dat hulle kinders verkeerd loop, sonder dat hulle iets daaraan doen. So het Eli, die hoëpriester in die tyd van Samuel, ook gedoen. Hy het sy twee seuns, Hofni en Pineas maar net laat begaan. Toe hulle gesondig het, het hy hulle nie getug nie. Die gevolg was dat hulle karakterlose deugniete geword het.

Hulle het God nie eerbiedig nie en hulle medemens nie ontsien nie. God het die onverantwoordelikheid van Eli om sy kinders nie te tug nie, swaar gestraf. So ook die goddeloosheid van sy twee seuns. Op een dag is hulle en hulle vader gedood. `n Ouer wat sy kind nie tug nie, is liefdeloos. Trouens, die Bybel stel dit nog sterker. Daar staan in Spreuke 13:24 geskrywe: "Wie die roede terughou, haat sy seun; maar wat hom liefhet besoek hom met tugtiging." Tug is liefde, en dit het net een doel, naamlik om die kind op die regte pad te hou.

Die Here gee aan ouers baie duidelike opdragte met betrekking tot tug in die Bybel. Verantwoordelike ouers, wat hulle kinders liefhet en vir hulle omgee,

(1.6 vervolg) kan nie anders as om hulle te tug nie.

Iemand het by geleentheid gesê:

“Tug is nie iets wat jy AAN jou kind doen nie, dit is iets wat jy VIR jou kind doen.”

Dit is belangrik dat die kind sal raaksien dat tug nie vergelding is nie. As 'n pa byvoorbeeld sy twee seuns gewaarsku het om mekaar nie met klippe te gooi as hulle oorlog speel nie en die een sou die ander 'n gat in die been gooi, sou dit vergelding wees as sy pa 'n klip sou neem en ook 'n gat in sy been sou gooi. As hy hom egter 'n pakslae gee, leer hy hom om versigtig te wees, en dit nie weer te doen nie. Tug is bedoel om dit wat verkeerd is en wat jouself en jou medemens kan benadeel, te verhinder. Tug kan vergelyk word met die snoei van 'n boom. Daardeur word dit gehelp om reg gevorm te word en om mooi vrugte te dra. As 'n kind aan homself oorgelaat word, sonder dat sy ouers hom dissiplineer wanneer dit nodig is, word hy 'n deugniet soos Hofnie en Pineas. Hy word vir homself en sy medemens 'n bedreiging. Die kind darenteen, wie se ouers hom tug, is gelukkig. Meer nog, die kind wat hom spontaan en met liefde onderwerp aan sy ouers se leiding en tug, doen aan homself goed. Kyk was sê Spreuke hiervan: “Wie die tug liefhet, het kennis lief; maar wie die teregwysing haat is dom.” (Spreuke 12:1) “'n Wyse seun luister na die tug van die vader, maar 'n spotter slaan nie ag op berisping nie.”

(Spreuke 13:1)

“'n Sot verag die tug van sy vader, maar hy wat op die teregwysing ag gee, word wys.” (Spreuke 15:5)

## 1.7 Groeiende volwassewording

Waarskynlik kom daar in elke seun en dogter se lewe 'n stadium dat hulle voel dat hulle graag hulle pa of ma sou wou verruil vir iemand anders. Hulle wil net op 'n manier van hulle ontslae raak! Spanning en konflik tussen ouers en kinders kom in elke normale huis voor. Daar is verskillende redes voor. As jy die redes beter verstaan, sal dit jou help om perspektief en insig te hê. Kom ons kyk na 'n paar daarvan.

Namate die kind groei, ontwikkel sy eie vermoëns en vaardighede. Ons ken almal die "selfdoen-stadium". As kinders begin almal van ons op die een of ander stadium om te dink dat ons nou oud genoeg is om self oor dinge wat ons raak te besluit. Vanweë te min ervaring en kennis van die lewe, loop dinge egter baie maklik skeef omdat die kind gewoonlik te vinnig te veel dinge wil doen waarvoor hy of sy nog nie ryp is nie. Die ouers, met die meerdere ervaring en kennis van die situasies, weet dat daar risiko's en selfs gevare is wat die kind nog nie van bewus is nie. Derhalwe staan hulle dit teë. Dit is dan dikwels die hoof-oorsaak van wrywing en ongelukkigheid by die kind as hy nie toegelaat word om sy eie wil te volg nie.

Daar was 'n tyd in elke volwassene se lewe dat hy of sy in opstand gekom het teen die raad en voorskrifte van hulle ouers. Soveel kere hoor ons vandag diesulkes vertel van die situasies, en ons vind dit so komies dat ons gewoonlik daaroor lag! Dit is jammer. Indien ons onthou dat ouer mense as ons spreekwoorde saamgestel het oor jare en met dure ervaring en ondervinding, m.a.w. omdat hulle "gevoel" het, dan sal ons met meer aandag luister sodat ons kan

### (1.7 vervolg)

leer! Onthou dat die belewing, die "deurmaak" van 'n saak, altyd vir ons 'n les leer!! Die volwassenes het dan ook reeds lankal die dinge wat nog vir die kind voorlê, deurgemaak. Die kind kan natuurlik die opinie handhaaf dat dit maar deel is van die lewe om met jou ouers te stry oor wat die beste is om te doen. Hy kan ook dink dat sy ouers hom niks gun nie of uit die oudedoos is. So 'n kind is egter nog glad nie ryp om enige besluite vir homself te neem nie. Enige "grootmens" sal immers weet dat enige fout of oordeelsflater 'n mens duur te staan kan kom. Wil ons nie juis almal die onaangename van die lewe vermy nie? Is die oorsaak van baie onsmaklikhede nie ook juis eiewysheid en onoordeelkundigheid nie?

### **1.8 Pa en ma kan ook foute maak**

Eintlik is ek baie huiwerig om oor hierdie aangeleentheid te skrywe, maar ek glo dat dit tog vir jou noodsaaklike veruidelikings rondom jou verhouding met jou ouers sal gee. Geen mens is volmaak nie. Dit gebeur dat ouers in hulle opregte begeerte om vir hulle kinders die beste te gee, oorbeskermend kan optree. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat hulle te veel wil voorskrywe en hulle kinders nie genoegsaam vertrou om tog self reg op te tree nie. Teen hierdie fout waarsku die Bybel ook duidelik. In Efésiërs 6:4 skryf die Apostel Paulus: "En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hul op in die tug en die vermaning van die Here." Wat jy egter as kind altyd moet verstaan, is dat dit juis jou ouers se liefde is wat hulle daartoe kan bring om soms oorbeskermend te wees. Aan die ander kant sal jy uiters versigtig moet wees om sommer die gevolgtrekking

### (1.8 vervolg)

te maak dat pa en ma jou nie genoegsaam vertrou, of dat hulle rede het om bekommerd te wees nie. Juis die feit dat hulle die geleentheid gehad het om die lewe te leer ken, hul eie foute te maak en self seer te kry deur die stampe en stote van die lewe, veroorsaak dat hulle jou dit wil spaar. Hulle gun vir jou net die beste.

Jy moet ook onthou dat juis die feit dat hulle die meerdere ervaring en insig het, meebring dat hulle nege uit die tien keer reg sal wees in hulle siening van sake. Om hierdie rede is dit ongetwyfeld die veiligste om jou altyd te alle tye te verlaat op die insig en leiding van jou ouers. Pragtig druk die wyse Salomo dit uit in Spreuke 6:20-23: "My seun hou vas aan wat jou vader jou voorskryf; wat jou moeder jou leer, moet jy nie in die wind slaan nie. Dit moet jou altyd bybly, daarmee moet jy saamleef; dit sal vir jou leiding gee in wat jy doen, dit sal jou beskerm as jy slaap en jou lei sodra jy wakker word. Wat ek jou voorskryf, is 'n lamp, my onderrig is 'n lig; wie hom laat tereg wys, is op die pad na die lewe toe."

### **1.9 Ongehoorsaamheid by kinders**

'n Derde rede hoekom daar konflik tussen ouers en kinders kom, is doodgewoon ongehoorsaamheid by kinders. Hierdie ongehoorsaamheid kan wissel van hardkoppige opstand, tot ongedissiplineerde versuim om te doen wat pa en ma sê. Onthou dat die Bybel dit ook noem dat ongehoorsaamheid aan ouers by

## (1.9 vervolg)

uitstek een van die sondes sal wees wat die eindtyd sal kenmerk. II Timothéüs 3:2.

Nooit mag die Apostoliekind min dink van ongehoorsaamheid aan sy ouers nie. Hierdie gebod is net so belangrik soos die sesde gebod wat sê dat ons nie mag moord pleeg nie, of die sewende, wat sê dat ons nie mag egbreuk pleeg nie. Dit blyk duidelik daaruit dat God in die Ou Testament Sy volk beveel om opstandige en ongehoorsame seuns, wat nie na hulle pa of ma wou luister nie, te steng! Deuteronomium 21:18-21.

As kind, het die Here Jesus vir alle gelowige kinders, en vernaam vir die Apostoliekind die volmaakte voorbeeld gestel, want daar staan van Hom geskrywe in Lukas 2:51 dat Hy aan Sy ouers onderdanig was.

### **1.10 Wat maak pa en ma gelukkig?**

Daar is seker ouers vir wie die belangrikste ding op aarde is dat hulle kinders sal presteer. Sulke ouers is nie net eersugtig nie, maar ook selfsugtig. As iemand wat self kinders het, wil ek graag vir jou sê dat die wyse Salomo die begeerte van die Apostolie-ouer onverbeterlik in woorde uitgedruk het. Hy skrywe in Spreuke 23:15-16: "My seun, as jy 'n wyse mens word, sal dit my baie vreugde verskaf. Ek sal juig as jou lippe spreek wat reg is." Vir die Apostolie-ouer behoort daar niks belangriker te wees as dat sy kind in die Wil van God lewe en met sy hele hart kies om Christus te dien nie. Natuurlik is alle ouers bly daarvoor as sy kind presteer, maar dit moet nie vir hom die hoofsaak wees nie. In verse 24 en 25 van die bogenoemde hoofstuk van Spreuke

### (1.10 vervolg)

skryf Salomo verder: “’n Vader van ’n kind wat reg doen, voel baie gelukkig; ’n wyse seun verskaf sy vader groot vreugde. Mag ook jou vader die vreugde hê, mag ook jou moeder wat jou in die wêreld gebring het, so gelukkig wees.”

## **1.11 Praktiese wenke**

Voortvloeiend uit wat hierbo geskrywe is, wil ek graag vir jou ’n paar praktiese wenke gee van waarop jy moet let om ’n mooi verhouding met jou ouers te handhaaf. ONTHOU DAT ELKE MENS TOT ’N GROOT MATE VERANTWOORDELIK IS VIR SY EIE GELUK! Die manier waarop jy as kind in jou ouerhuis leef en in besonder, teenoor jou ouers optree, is bepalend vir ’n mooi verhouding met hulle.

### **1.11.1 LEEF hulle vertrou waardig**

Ek maak nie ’n taalfout hier nie. Ek bedoel juis dit – moenie praat daarvan nie, DOEN dit! Die sekerste manier om te sorg dat jou ouers jou vertrou, is om hulle nie teleur te stel nie. Die seun wat byvoorbeeld vertrou word om by geleentheid pa se motor te gebruik en dit beskadig terugbring, moet verwag dat sy pa ’n volgende keer die motor nie vir hom sal wil leen nie. Namate ’n kind verantwoordelik optree en lewe, sal sy ouers hom daarvolgens behandel. LEEF dus hulle vertrou waardig!

### **1.11.2 Voer opdragte uit**

Vir enige huishouding om vlot te funksioneer, word vereis dat elke lid daarvan sy pligte sal nakom. Om

### (1.11.2 vervolg)

take wat aan jou opgedra word met pligsgetrouheid en gewilligheid na te kom, is belangrik. Dit geld ook alledaagse pligte soos om jou kamer netjies te hou, of die diere kos te gee. Die gesindheid waarmee dit gedoen word, bepaal jou eie geluk en die van jou huismense. Om met 'n suur gesig en in 'n opstandige houding jou rol as lid van die gesin te speel, maak nie net die mede-huismense ongelukkig nie, maar ook jouself.

### **1.11.3 Om jou ouers te eer**

Die kernopdrag wat God aan die Apostoliekind gee is dat hy sy ouers moet eer. Dit veronderstel dat jy hulle met agting en respek sal behandel en hulle sal erken as die twee mense wat God in jou lewe geplaas het om jou te lei en op te voed. In Efésiërs 6:1 & 2 word die praktiese implikasie hiervan uitgewys, naamlik dat jy aan jou ouer GEHOORSAAM sal wees. Natuurlik sal dit meebring dat die kind sy eie wil en sin moet verloën om sy ouers se wil te eerbiedig.

### **1.11.4 Respekteer reëls**

Daar is twee maniere om na reëls te kyk. Die eerste is om dit te sien as lastige, bindende hindernisse wat jou vryheid aan bande lê. 'n Ander manier om daarna te kyk, is om dit te erken as BERSKERMENDE RIGLYNE vir jou eie voordeel. 'n Voorbeeld sal hierdie punt verduidelik. As kind het ek by geleentheid twee hase gehad wat ek in 'n hok aangehou het. Ons het ook twee honde gehad wat somtyds met hulle neuse 'n sentimeter van die hase se neuse af al om die draad van die hok geloop het.



#### (1.11.4 vervolg)

Die hase was egter volkome veilig, want die draad het verhinder dat die honde by hulle kon uitkom. Op 'n dag het dit egter gebeur dat die hase op een of ander manier uit die hok gekom het. Toe was dit verby met hulle. Reëls kan vergelyk word met die draad van die hase se hok. Dit is daar, nie om ons te beperk nie, maar om ons te beskerm. Dit geld in besonder ook van die vyfde gebod dat kinders hulle ouers gehoorsaam moet wees.

#### **1.11.5 En as ek 21 jaar oud is?**

As jy gespaar bly om een-en-twintig jaar oud te word, is die bogenoemde vraag vir jou toepaslik. In ons samelewing word dit aanvaar, dat as 'n kind een-en-twintig jaar oud is, hy volwasse genoeg is om onafhanklik van sy ouers besluite te neem. Tot op hierdie ouderdom moet ouers byvoorbeeld nog toestemming gee dat hulle kinders in die huwelik mag tree. Dit is so, dat wanneer 'n jongmens mondig geword het, hy hopelik genoeg ervaring, insig en kennis verwerf het om wel onafhanklik van sy ouers op sy eie bene te staan. Dit is ook noodsaaklik, want ouers kan immers nie onbeperk vir hulle kinders verantwoordelik bly nie.

Die feit dat 'n kind mondig geword het, beteken egter nie dat hy nie meer sy ouers sal eer nie. Dit beteken ook nie dat hy nie meer die kosbare ervaring wat sy ouers in die lewe opgedoen het, sal benut deur vir hulle raad te vra nie. Hulle opinies en menings oor sake sal vir die kind steeds groot gewig dra indien hy sy lewe volwasse benader. As kinders

### (1.11.5 vervolg)

verstandig is, sal hulle ook baie versigtig wees om nie 'n pad te loop waaroor hulle ouers bedenkinge of twyfel het nie. Dit geld in besonder in sake soos die keuse van 'n huweliksmaat. Let noukeurig op wat in Spreuke geskrywe staan: "Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie. 'n Oog wat met die vader spot en die gehoorsaamheid vir die moeder verag – die kraaie van die dal sal dit uitpik en die kuikens sal dit opeet." (Spreuke 23:22, 30 en 17)

### **1.11.6 Wat as my ouers drasties van my sienings verskil?**

Die belangrikste voorskrif van die Bybel vir ouers en kinders is die volgende: Veronderstel dat ouers nie volgens die Wil van die Here lewe nie; dit kan natuurlik groot konflik en wrywing tussen die ouers en kinders bring. Waar die kind dan sake anders sien as die ouers, ontstaan die vraag: "Wat moet die kinders nou doen?" Die eerste en belangrikste reël bly steeds dat die kind desnieteenstaande sy ouers sal eer en hulle met agting en respek moet behandel. Wanneer ouers egter hulle kind iets sou wou laat doen wat strydig is met die Wil van God, sou hy geroepe wees om aan God meer gehoorsaam te wees as sy ouers. Handeling 5:29. Hier moet egter 'n BAIE BELANGRIKE WAARSKUWING gerig word. Wees uiters versigtig om te besluit dat jou ouers nie kinders van God is nie. Die feit dat hulle opinies van sake van joune mag verskil, of dat hulle miskien in sekere opsigte nie soos ware Apostolies optree nie, beteken nie noodwendig dat hulle nie die Here ken nie. Wees geduldig met hulle foute en gebreke; jy verwag immers dat hulle ook met jou foute

en gebreke geduldig sal wees. Ons moet ook nie te vinnig wees om oordele uit te spreek nie, want dit is tog NIE wat die WARE kind van God sal doen nie.

### **`n Ruiker vir pa en ma**

As iemand wat self kinders het, wil ek graag vir jou sê dat daar min dinge so kosbaar en wonderlik vir `n ouer is, as die betuiging van spontane waardering van die kind. Die briefie wat na die vakansie by die huis aankom, of die geskenkie met die waarderende woorde op die verjaardagkaartjie, of die ruikertjie iewers langs die pad; dit maak enige ouers se lewe `n lied!

#### **1.11.7 Ten slotte**

Mag die Here onse God aan elkeen van julle wat hierdie artikel lees, die genade van kennis en gesonde oordeel skenk om kinders te wees waarop julle ouers kan trots wees, maar meer nog – kinders op wie die Here Jesus ook trots kan wees.

Seënwense en sterkte op julle pad vorentoe!

